Letterkunde & krisis

'n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme

Ampie Coetzee

bron
Ampie Coetzee, *Letterkunde & krisis. 'n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme*. Taurus, Bramley 1990

Zie voor verantwoording: http://www.dbnl.org/tekst/coet013lett01_01/colofon.php

© 2018 dbnl / Ampie Coetzee

dbnl digitale bibliotheek voor de Nederlandse letteren i.s.m. nb UITGEWERS PUBLISHERS

Letterkunde & krisis
'n honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme

Die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde is baie goed gedokumenteer.[1] Maar diegene wat tot dusver die kontoere getrek het, was so ingenome met die patrone daarvan dat hulle die landskap self vergeet het. Teorieë gebaseer op estetiese uitsonderlikheid het die interpretasies en periodiserings van daardie letterkunde oorheers. Literêre tekste is in hulle chronologiese verskyning beskryf, en met verwysing na hulle 'bydrae tot die Afrikaanse letterkunde' - waar die bereiking van die kanon 'die Afrikaanse letterkunde' die uiteindelike maatstaf was. En vandag nog is.

Waarom sou mens poog om die geskiedenis van dié letterkunde te 'herskryf'? Om 'alternatief', of 'relevant' te wees? Die antwoord moet eerder lê in die strewe na 'n unitêre, nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika. As dit bereik word kan die Afrikaanse letterkunde nie 'n aparte geskiedenis hê nie: dit moet deel word van 'n nasionale kultuur, 'n nasionale letterkunde. Dit sou nie beteken die uitsluiting van tekste uit die verlede nie, maar eerder die verskuiwing van die aandag vanaf die suiwer en onaanraakbaar estetiese van 'n teks (soos dit gekanoniseer is en dus buite die geskiedenis geplaas is) na ander aspekte van dié teks, of na ander tekste wat moontlik meer te sê het binne 'n nasionale bewussyn. Om op 'n histories-materialistiese wyse die kulturele monumente van die verlede te ontsyfer, sou Walter Benjamin se bekende stelling kon bewys, dat 'there has never been a document of

culture which was not at one and the same time a document of barbarism' (Benjamin, 1982: 258); maar veral '...it is increasingly clear in today's world... that a Left which cannot grasp the immense Utopian appeal of nationalism (any more than it can grasp that of religion or of fascism) can scarcely hope to "reappropriate" such collective energies and must effectively doom itself to political impotence' (Jameson, 1981: 298).

Toe Afrikaner-nasionalisme 'uitgevind' is, en toe 'n letterkunde bewustelik geskep is aan die begin van die eeu, is die belangrikheid van 'n nasionale bewussyn erken by die produksie van letterkunde (Hofmeyr, 1987: 95-123). Maar die wegbeweeg van hierdie letterkunde van eng nasionalisme in die dertigerjare, en die gedeeltelike verdwyning van Afrikaner-nasionalisme tydens die sewentigerjare ter wille van kapitalisme, sowel as die besliste anti-hegemoniese posisie van die meeste Afrikaanse prosa gedurende die groei van militarisasie in die laat sewentiger- en tagtigerjare, is nog nie uitgelê nie. Daarby was die perspektiewe op die Afrikaanse letterkunde nog altyd vanuit 'n wit oogpunt, wit en van die heersersklas.

Historiese gebeure, rasse- en klassekonfrontasies, die totaliteit van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is nog altyd slegs genoem in inleidende paragrawe tot literatuurgeskiedenisse - asof die Afrikaanse letterkunde bo dit alles bestaan het. Daar was nooit pogings om hierdie letterkunde te integreer binne die hoofnarratief van die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie. Tot dusver is dit slegs gehoor as een deel van 'n verbeelde dialoog: 'A hegemonic discourse, in fact, has just this character: historically speaking we "hear" only one voice because a hegemonic ideology suppresses or marginalizes all antagonistic class voices, and yet the hegemonic discourse remains locked into a dialogue with the discourse it has suppressed' (Dowling, 1984: 131).

Hierdie monografie sal probeer om die geskiedenis vanuit 'n materialistiese perspektief te sien, om 'n dialektiek te soek tussen die Afrikaanse letterkunde en die infrastruktuur van klasse- en rassekonflik en - waar daar geen klaarblyklike dialektiek is nie - om dan die stiltes te probeer verduidelik. Dit is gevaarlike terrein: die debat oor die relatiewe belangrikheid van klas is nimmereindigend binne die ortodokse Marxistiese paradigma. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis gesien vanuit 'n klasseperspektief word aangepak in die werk van Frederick Johnstone; maar Deborah Posel se kritiek daarop - en op die klasseperspektief -

maak gebruik van die geskiedenis van die Afrikaner. Onlangs is die algemene debat oor klas weer opgehaal in 'n werk van Ellen Meiksens Wood.[2.]

Gesien die omvang van die taak kan hierdie monografie slegs inleidend wees. Die lees van Afrikaanse literêre tekste in isolasie is eensydig. Die kort geskiedenis van hierdie letterkunde (as gekanoniseerde Letterkunde), die situasies van krisis waarbinne dit geproduseer is, die apart-heid daarvan van ander letterkundes en kulture in Suid-Afrika en die gevolglike 'inteel' daarvan - dit alles dui daarop dat dié letterkunde 'n totale lees vereis; as één teks in die geskiedenis van die Afrikaner en Suid-Afrika.

Wat betref die konsep 'literêre teks' sal daardie tekste as literêr beskou word wat in 'n meerdere of mindere mate gekanoniseer is deur Afrikaanse literêre kriteria: 'n Omvattende herskryf van die Afrikaanse literêre geskiedenis sou vanselfsprekend moet verduidelik hoe tekskeuses gemaak is na aanleiding van die estetika van die gangbare ideologieë. Basies sal die benadering tot die interpretasie van die teks ooreenkom met dié van Fredric Jameson, 'that all literature must be read as a symbolic meditation on the destiny of community' (1981: 70) en dat hierdie simboliese handelinge resolusies van kontradiksies in die gemeenskap wil wees. Die individuele teks moet gesien word as 'n individuele uiting ('parole') binne die breër sisteem ('langue') van klassediskoers: 'The individual text retains its formal structure as a symbolic act: yet the value and character of such symbolic action are now significantly modified and enlarged. On this rewriting, the individual utterance or text is grasped as a symbolic move in an essentially polemic and strategic ideological confrontation between the classes...' (1981: 85).

Die 'appropriasie' van die ontwikkelende Afrikaanse taal rondom 1875 as aansporing tot nasionale bewussyn, en die skep van 'n letterkunde om daardie bewussyn te onderskraag, plaas dié letterkunde binne die politieke arena vanaf die begin; en binne daardie arena hoort dit gesien te word - maar dan nie net soos die Afrikaner dit gesien het nie, of met wit heersendeklaswaardes nie.[3.] Mens sal moet kyk na die klassestryd tussen kapitaal en arbeid, en rasse-oorheersing sal gesien moet word binne die klassekonteks daarvan, as diskoers van oorheersing: 'The whole basis of our particular system in South Africa rests on inequality... It is the bedrock of our constitution...' (Marks en Trapido, 1987: 32). Maar omdat mens hier op 'n 'suprastrukturele' vlak werk, sal

daar gewaak word teen 'n reduksionistiese historiese materialisme - soos Johnstone dit duidelik gestel het: ‘But the more we move from political economy into such areas as political sociology and social psychology - to issues of culture and subjectivity, of ideology and psychology, of meaning and identity, the more the Marxist approach is faced with the paradigmatic weaknesses of an essentially materialist approach confronted by the role of non-economic factors in history and society’ (Johnstone, 1982: 23).[4.] Daarby kan die rol van Afrikaner-nasionalisme nie slegs gelees word in verhouding tot klas nie, omdat dit nie aanvanklik ‘ontwerp’ is ter wille van oorheersing nie, maar eerder vir die eenheid van 'n bedreigde groep, en as 'n vestiging van identiteit.

'n Periodisering van die Afrikaanse letterkunde sal die historiesmaterialistiese sowel as die Afrikaner se nasionalisme in ag moet neem. Die volgende indeling sou voorgestel kon word:

1 1875-1922
2 1922-1948
3 1948-1961
4 1961-1976
5 Ná 1976

Die datums 1922, 1948, 1961 en 1976 is ingegee na aanleiding van Antonio Gramsci se konsep van krisis binne politieke verband:

> *A crisis occurs, sometimes lasting for decades. This exceptional duration means that incurable structural contradictions have revealed themselves... and that, despite this, the political forces which are struggling to conserve and defend the existing structure itself are making every effort to cure them, within certain limits, and to overcome them. These incessant and persistent efforts... form the terrain of the ‘conjunctural’, and it is upon this terrain that the forces of opposition organise*. (Gramsci, 1978: 178)

Die terreine van konjunktuur is op hierdie datums duidelik binne die dialektiek van mag gedefinieer: 1922 - die Randse rebellie; 1948 - die begin van die Afrikaner-nasionalisme se droomstaat; 1961 - die koms van die Republiek, die eerste aanvalle van die ANC en die PAC; 1976 - die Soweto-rebellie.

Eindnoten:

1. Die mees onlangse en volledigste literatuurgeskiedenis is dié van J C Kannemeyer, *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*, 1 en 2 (Academica, Pretoria en Kaapstad, 1978 en 1983).
2. *The Retreat from Class* (Verso, London, 1986).
3. Vgl. die artikel deur Frederick Johnstone, ‘“Most painful to our hearts”: South Africa through the eyes of the new school’. *Revue canadienne des études africaines*, *Canadian Journal of African Studies*, Vol 16, nr 1, 1982, bls 5-26.
4. Ook die artikel van Deborah Posel, ‘Rethinking the Race-Class Debate in South African Historiography’, *Social Dynamics*, *A journal of the centre for African Studies*, University of Cape Town, Vol 9, nr 1, Junie 1983, bls 50-66.

1875-1922

Die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika sedert die 1870's en 1880's kan beskou word as die werklike begin van industrialisasie en van 'n kapitalistiese wyse van produksie. Feitlik tegelykertyd bring die reaksie teen Britse kolonisasie en verengelsing die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in die Kaap in 1875. In die naam van die ‘kombuistaal’, Afrikaans, het die persone van die Genootskap die leiding geneem in die aanvang van 'n kulturele en nasionale beweging. Met hulle koerantjie *Die Afrikaanse Patriot* (eerste uitgawe, 15 Januarie, 1876) het hulle 'n skryf- en literêre tradisie in 'n nuwe taal begin skep, met ‘alternatiewe’ Afrikaner-geskiedenis (*Die geskiedenis van ons taal in die land van ons volk*, 1877), en 'n eerste kinderboek (*Eerste Afrikaanse prentjies boekie vir soet kinders*, 1879).

Alhoewel nasionalisme en kapitalisme as strydende magte aan die begin van die geskiedenis van 'n gekoloniseerde Suid-Afrika teenoor mekaar staan, is die eerste literêre produkte eerder gerig op die opvoeding en die vermaak van lesers: oor geskiedenis, sosiale euwels en ras. Die werk van die toonaangewende persoon van die GRA, SJ du Toit (1847-1911), was ook gemik op die bewusmaking van ‘letterkunde’ en die fiktiewe. Die ‘profound and violent transformations’ (O'Meara, 1983: 67) wat die groeiende industrialisasie en proletarisering teweeggebring het aan die begin van die eeu, is egter nie aangespreek nie in 'n letterkunde wat eerder gepreokkupeer was met 'n nuwe taal en met nasionalisme. Die aandag aan taal en etnisiteit kan nietemin ‘...be understood as a response to the social dislocations and problems posed by the uneven development of capitalism in South Africa...’ (Marks en Trapido, 1987: 10).

Nie die politieke en ekonomiese oorsake en gevolge van die Anglo-Boere-oorlog (1899-1902) was die kommer in die gedigte van die eerste hoof-Afrikaanse digters nie (Jan F E Celliers, 1865-1940, J D du Toit - Totius, 1877-1953, en C Louis Leipoldt, 1880-1947), maar die menslike lyding - uitgedruk op poëtiese wyse, sodat daardie oomblik in die geskiedenis getransendeer kon word, sodat lyding universeel kon word. Die bitterheid na die oorlog is gereflekteer in die werk van Leipoldt en Totius; maar baie min is in Afrikaanse literêre tekste geskryf oor ekonomiese realiteite - soos bv. die strewe van Sir Alfred Milner om Suid-Afrika na die oorlog vir kapitalisme in gereedheid te bring en sy suksesvolle pogings om die myne terug te bring tot volle produksie. Dit is asof die Milner-rekonstruksieperiode - met die toesegging van Swart ‘reservate’, die beheer oor stedelike instroming, die ideologie van segregasie; dit is asof die begin van 'n noodlottige diskoers van rasse-oorheersing, van wit appropriasie van die wyses van produksie, van surplus en die beheer oor arbeid (Johnstone, 1982: 10) - of dit totaal aan die Afrikaanse skrywer van die tyd verbygegaan het.

Waarom? Omdat die Afrikaanse skrywer ook besig was met rekonstruksie, met kulturele rekonstruksie; besig om te skep - veral in die poësie - 'n monologiese tradisie van die estetiese en van gehalte; en in prosa, die plesier van lees. Hulle strewe was die bevestiging van Afrikaans as taal, en daartoe het hulle gestig, deur die inisiatief van mense soos Gustav S Preller (1875-1943), die Afrikaanse Taalgenootskap in 1905. Preller het welsprekend geskryf oor die moedertaalwaarde van Afrikaans.

> *De taal die in een land leeft*, *die in het ganse volk wortelt*, *heeft in dat land en onder dat volk de meeste kans op voortbestaan*, *en laat zich niet uitroeien dan met de uitroeiing van het volk waarin ze leeft... Afrikaans wortelt diep en leeft gezond in de gehele Afrikaner nasie*. (Kannemeyer, 1978: 85)

Die tekste van die tyd plaas die Afrikaanse skrywer ondubbelsinnig aan die kant van die koloniseerder soos bv. in: *Jakob Platjie*, 1906, deur G R von Wielligh (1859-1932), en *Klaas Windvoël*, 1910, deur Melt J Brink (1842-1925). Die tema van die eerste word duidelik saamgevat in die woorde van een van die karakters:

> ‘*Ja*, *ons wil 'n witmens se kop op 'n Hotnot se skouers gaan plak*, *maar ons sal dit nooit reg kry nie*.’ (Gerwel, 1983: 94)

Hierdie boeke vertel die verhaal van wit weldoeners wat die ‘Hotnot’ wil probeer ‘beskaaf’ en assimileer; maar wat terselfdertyd erken dat daar inherent 'n ongelykheid bestaan, en dat hulle projek dus onmoontlik is. In wese maak hierdie tekste 'n saak uit vir kulturele beheer oor swart (‘gekleurde’) mense, ‘...'n proses waardeur die gekleurdes onthef word van enige outonome kulturele bestaanswyse en gevolglik aangewese is op die gesuperimponeerde dominante kultuur, maar terselfdertyd hul volledige assimilasie in daardie kultuur allerweë geblokkeer vind’ (1983: 74).

‘Union transformed the main population groups - the Africans, Afrikaners and English - into monoliths, each of which had its own history, culture, definition of the so-called race problem and solution to it. Each had fundamental strengths, basic weaknesses and peculiar concerns which determined political goals, shaped policies, fixed priorities and dictated strategies’ (Ngubane, 1987: 141). Teen 1910 het nuwe etniese identiteite na vore begin kom; maar die beheer van die staat en van die ekonomie was Engels. Etniese mobilisasie sou die enigste wyse wees waardeur 'n Afrikaner-monoliet die beheer van dié staat sou verkry.

Die teenprestasie van die nasionalistiese Afrikanerkultuur was die stigting van uitgewerye (J L van Schaik in Pretoria, 1914, en Nasionale Pers in Kaapstad, 1915), die totstandkoming van die Afrikaner Broederbond (1918) en die Suid-Afrikaanse Akademie (1909), en die strewe na die uiteindelike erkenning van Afrikaans as amptelike taal (1914-1925). Met die instelling van die gesaghebbende literêre prys, die Hertzogprys in 1915, was die Afrikaanse letterkunde op die pad na kanonisering, en het die bereiking van die estetiese 'n doelwit geword, sy dit onbewus en nog nie duidelik geformuleer nie.

Leipoldt word kosmopolities met sy bundel *Uit drie wêrelddele* (1923), en daardeur begin 'n tradisie. Terwyl die prosa aan die begin gestaan het van die bewustheid van die ‘literêre’ (soos in die hoogs liriese prosa van D F Malherbe, 1881-1969) was daar nog 'n preokkupasie met die geskiedenis (vgl. Preller se *Piet Retief*, 1906) en die strewe om 'n smaak en liefde vir lees te skep. Daarin was die didaktiese, humoristiese en satiriese geskrifte van C J Langenhoven (1873-1932), wat ook die Afrikaner se volkslied, ‘Die Stem’, geskryf het, belangrik - veral in die bekendstelling van 'n gemoedelike, intieme verwantskap tussen verteller en leser, waardeur die fiktiewe en literêre nader aan die

leser se persepsies gebring word. Hierdie soort narratief sallater populêr word.

Terwyl die Afrikaner gestreef het na nasionale mobilisasie was daar onrus tussen swart mense in plattelandse gebiede: rebellie in die Katrivier-nedersetting en oorlog op die oosgrens. Die gekleurde mense in die Kaap het al bewus geraak van dreigemente teen hulle stemreg, en 'n opkomende swart petitbourgeoisie het begin streef na gebruikmaking van die kiesmasjinerie van die Kaapse koloniale regering: in 1880 is 'n Native Educational Association gevorm, en teen 1882 'n vereniging soos die Afrikanerbond, die Ibumba Yama Nyama. Die doel daarvan was: ‘to unite Africans in political matters so they could band together in fighting for national rights’ (Marks en Trapido, 1987: 6). Maar swart mense is gedoem om uitgesluit te word van die ‘unifikasie’ van Suid-Afrika in 1910. Dit het onder andere gelei tot die stigting van die ANC in 1912 (the South African Native National Congress).

Geskiedenis en literêre tekste konvergeer op hierdie oomblik in 'n poging om oplossings te vind vir die groeiende kontradiksies veroorsaak deur ras, klas, industrialisasie en die ontwikkeling van kapitalisme. Enkeles kan hier genoem word. Die ‘Naturellen Grond Wet’ van 1913 het die ANC aan die gang gesit. Dit was ook die oorsaak van die produksie van een van die eerste dokumentêre politieke tekste geskryf deur 'n swart persoon, *Native Life in South Africa* (1916), deur Sol T Plaatje (1876-1932). Hy sê ondubbelsinnig wat die wet beteken: ‘...to prevent the natives from ever rising above the position of servants to whites’ (Plaatje 1982: 71). Afrikaners in die industrialiserende gebiede het na die oorlog ingedeel geraak in die onterfde armes en die nuwe proletariaat. Totius se epiese gedig (*Trekkerswee*, 1915), geskryf in eenvoudige, leesbare ryme, het geween oor die verlede, die verlies van die paradys en die opkoms van stedelike armoede (dit was ook die eerste wenner van die Hertzogprys). Daar was die sketse oor die booshede van die stad deur J Lub (1868-1926); maar veral besorgdheid oor die agteruitgang van feudalisme en die armoede van wit bywoners in die werk van Jochem van Bruggen (1881-1957). Die eerste plaasroman, deur D F Malherbe (*Die Meulenaar*, 1926), vertel van die afsterwe van die idille en die uiteindelike verlies van die plaas en van 'n leefwyse.

Die gemene delers was grond en proletarisasie; maar die tekste het in hulle oplossings verskil: protes van swart mense; nostalgie

van wit mense - maar ten minste die belofte van 'n nuwe bourgeois-toekoms.

Die begin van die oorgang tot ander realiteite kan gesien word in die werk van Eugène Marais (1871 - 1936), wat nog gebonde was aan die patriotiese tradisie deur sy aktiewe betrokkenheid by die Boere-oorlog, maar wat ook in opstand gekom het teen konserwatiewe patriotisme in sy botsings met president Paul Kruger - en in gedigte soos ‘Die stem van Suid-Afrika’, waarin die land, Suid-Afrika, sulke woorde sê:

> *...Ek vorder as 'n heil'ge reg*
> *Die vrug van eindelose pyn*
> *Ek smyt hulle oor die berge weg*,
> *Ek smoor hulle in die sandwoestyn*. (Marais, 1941: 47)

Marais se eensame onttrekking in die natuur, sy verdowing aan morfine, sy tekste oor ‘transformasies’, oor menslike lyding, die onsensitiwiteit van 'n oppermag, en die begin van eksistensiële angs maak van hom die eerste ‘skisofreen’ in die Afrikaanse letterkunde.

Saam met Marais sou Toon van den Heever een van die ‘vroeë individualiste’ genoem kan word (Kannemeyer, 1978: 240). Hy staan krities teenoor God en die Afrikaner, en alhoewel sy preokkupasies ‘filosofies’ is en sy poësie persoonlik, openbaar hy nietemin 'n sensitiwiteit teenoor industrialisasie en die droom van die verlore idille (vgl die gedig ‘In die Hoëveld’), en 'n besondere bewustheid ten opsigte van arbeid en klas. In 'n idilliese milieu gaan die speletjies van twee kinders (swart en wit, kneg en meester) feitlik onmerkbaar - in elk geval vir literêre kritici van die tyd - oor arbeidsverhoudings, klas en stakings (‘Werkstaking by die kleigat’).

Die mynstaking van 1921-1922 kan waarskynlik gesien word as die eerste Suid-Afrikaanse krisis waar arbeid, klas, ras en nasionalistiese politiek (veral Hertzog teen Smuts) in 'n mate konvergeer om 'n terrein van konjunktuur te skep waaruit die protes teen kapitalistiese en staatsoorheersing geloods kan word.

1922-1948

Hierdie periode wat kulmineer in die triomf van die Afrikanernasionalisme in 1948, het ook die kontradiksies in die Suid-Afrikaanse maatskappy verskerp. Want die vreugde van 'n klein seksie van die bevolking was die oorsaak van die ellende en groeiende konflik by die meerderheid.

Met die groei van industrialisasie by swart en wit het armoede ook vergroot. Daar was die ontbinding van die stamstelsel, die opbreek van families, radikalisme by die werkersklas, en oproerigheid in die platteland. Revolusionêre frases soos ‘Africa for the Africans’, en dreigemente van ‘swart gevaar’ was volop. In 1928 het die Kommunistiese Party van Suid-Afrika ernstig gepraat van ‘an independant South African Native Republic as a stage towards the Workers and Peasants Republic, guaranteeing protection and complete equality to all national minorities’ (Marks en Trapido, 1987: 260). Wit Nasionaliste het nuwe wette begin maak, soos die Wet op Oproerige Byeenkomstes van 1929, en verskeie ander - nuwe tekste van die tyd: die Nywerheidsversoeningswet, die Ontugwet, die Hertzogwette.

Buiten die feit dat die Afrikaanse letterkunde, veral prosa en drama, weerspieëlend van aard was, en betrokke by die verbygaan van die idille, die verlies van die natuur, verstedeliking, armoede en die ontwikkeling van die bourgeois-klas - buiten hierdie nabye en ooglopende verbintenis met sosio-politieke verhoudings, was daar ook die begin van 'n transformasie. Die letterkunde en die maatskappy het in so 'n mate ontwikkel dat mens in hierdie stadium kan identifiseer met twee van Fredric Jameson se ‘semantiese horisonne’ ‘...which mark a widening

out of the sense of the social ground of the text through motions, first, of political history, in the narrow sense of punctual event and a chronicle-like sequence of happenings in time; then of society, in the now already less diachronic and time-bound sense of a constitutive tension and struggle between social classes...' (1981: 71)

Afrikaner-nasionalisme het arbeid in die fabriek gebruik vir steun, dit het gedy op etnisiteit en totaal geglo aan die koloniale konsep van 'Westerse beskawing', vgl. dié woorde van J B M Hertzog (buite verband, maar by uitbreiding hier van toepassing):

> *Nie alleen is die naturel onbekwaam tot enige sodanige taak* (van leierskap, A C), *hy is selfs nie in staat om leiding aan te gee in enige ander rigting van gemeenskaplike ontwikkeling en vooruitgang nie. Oppergesag deur die naturel gevoer*, *is 'n gedagte te dwaas en belaglik om van gedenk te word behalwe deur verbitterde agitators*, *wat chaos wil*...
> *Die welvaart en geluk van die naturel sal*, *gedurende sy tydperk van minderjarigheid*, *steeds in die eerste plaas afhang van die goeie gesindheid en opregte bedoelinge van die witman*...
> *Dan wanneer hy sy meerderjarigheid bereik het in ontwikkeling en beskawing*, *en op geleike peil is kom te staan met die witman*, *sal hom ook sy mondigheid toegeken word. Alsdan sal die tyd aangebreek wees om sy aanspraak op politieke regte in hersiening te neem*, *en verder die betrekking vas te stel waarin hy sal staan teenoor die Europeaan*. (Nienaber, 1965:238)

Wit mense sou verantwoordelik wees vir die beskawingsproses, maar om die rol te vervul sou hulle 'n besliste beskawingsvlak moes bereik en behou. Die Afrikaanse letterkunde het deel geword van daardie beskawingsproses en die verhouding daarvan tot die 'Westerse beskawing' is duidelik geformuleer. Dit sou moes bydra tot die Afrikaanse Kultuur en daarmee die etniese groepering versterk; maar tegelykertyd sou dit ook 'universaliteit' bereik as Letterkunde.

Terwyl die bewonderde prosatekste van D F Malherbe nog die idilliese verheerlik het en pre-industriële arbeid geïdealiseer het, het die veranderende wyse van produksie tot hoofkonflik gegroei in sy *Hans-die-skipper* (1929), waar 'n seun weier om sy vader se gerespekteerde wyse van arbeid oor te neem. Die inisiasie van die agterlike en die feudale klasse tot 'n ontwikkelende bourgeoisie is die preokkupasie van Van Bruggen se latere werk (veral die *Ampie*-trilogie, 1924, 1928, 1942). Met hierdie inisiasie-

trilogie het Van Bruggen 'n soort narratief begin wat later interessante parallelle sou hê in die sestigerjare, in die werk van Etienne Leroux. Klas, industrialisasie en Afrikaner-armoede was direkte prikkels vir die toneelstukke van J F W Grosskopf (1885-1948); en die stryd teen konserwatisme in die stukke van H A Fagan (1889-1963).

Hierdie refleksies oor sosio-ekonomiese aangeleenthede was egter onderwerpe van die meer outydse literêre produkte. Daar was belangrike kulturele ontwikkelinge: die stigting van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK, 1929), die Afrikaanse Skrywerskring (1934), en twee literêre tydskrifte, *Tydskrifvir Letterkunde* (1936), en *Standpunte* (1945). Daar was 'n nuwe geslag skrywers (C M van den Heever 1902-1957, I D du Plessis 1900-1981, N P van Wyk Louw 1906-1970, W E G Louw 1913-1980, Elisabeth Eybers 1915); en 'n ‘beweging’, die Dertigers. Hierdie ontwikkelinge op kulturele gebied gedurende die dertigerjare het plaasgevind toe swart politieke militantheid aan die afneem was as gevolg van die aksies van die staat. Maar daar was ook hongersnood en depressie (Marks in Trapido, 1987: 30).

Dit word algemeen in die Afrikaanse literêre kritiek aanvaar dat die Dertigers 'n vernuwing in die Afrikaanse poësie gebring het - en die meeste van die Dertigers het nou geïdealiseerde literêre figure geword. Die hardnekkige besorgdheid oor ‘hernuwing’ wat vandag nog 'n betekenisvolle norm is vir die literêre kritikus in haar/sy soeke na ‘gehalte’ en die estetiese kan waarskynlik teruggevoer word na hierdie mededingende strewe. Die ‘vernuwing’ in die poësie het beteken dat daar minder aandag aan die ‘tipies-Afrikaanse’ gegee sou word (die natuur, die verlede, die taal) ter wille van die klem op die persoonlike en die belydenis, waar die individu sentraal staan. Digters het die skryf van poësie as 'n bewuste taak aanvaar, waar elke woord, metafoor en klank suiwer en esteties bevredigend moes wees. Die kunstenaar was 'n persoon met 'n rol, en met 'n profetiese roeping.

Dit is van belang om daarop te let - binne die breër verband van 'n Suid-Afrikaanse letterkunde - dat hierdie groter bewussyn van die literêre nie net beperk was tot die Afrikaanse letterkunde nie. Plaatje se *Mhudi* (1930) en John L Duke se *Insila ka Shaka* (1928, later in Engels vertaal as *Jeqe*, *the Bodyservant of King Shaka*, 1951) het ook die neiging tot die ‘elitêre’ gehad, waar die skrywer 'n definitiewe rol gehad het: ‘It is in the late thirties that

the notion of the black intellectual regarding himself primarily as a “writer” seems first to have surfaced... Movements for cultural unity and advancement began to emerge’ (Sole, 1979: 151). Daar kan 'n korrelasie wees tussen verminderde politieke militansie (as gevolg van die onderdrukking daarvan) en 'n toename in 'n elitêre soort letterkunde.

'n Vlugtige oorsig van die werk van die gekanoniseerde Dertigers sal die literêre ontwikkeling aantoon.

In die prosaproduksies van C M van den Heever kom 'n tipiese narratiewe patroon na vore waarin die hoofelemente is: die natuur, die plaas, die stad en verstedeliking. Daar is altyd 'n verlies, 'n verbrokkeling van die idille. Teenoor sterk vaderfigure is die hoofkarakters introverte, geïnternaliseer soos die poësie van die tyd (veral dié van Van den Heever). Dikwels sal 'n teks so gestruktureer wees dat karakterverhoudings parallel loop: soos die liefdesdriehoek tussen die besittersklas herhaal of geskadu word deur liefdesdriehoeke tussen die plaasarbeiders (vgl *Somer*, 1935), waardeur 'n bewustheid van klasseverskil geskep word, alhoewel dit nie in daardie tyd as sodanig ervaar is nie. (Die klassekonsep het ook nog nie deel van die woordeskat van die moderne Afrikaanse literêre kritikus geword nie). Dikwels is ekonomiese kwessies en ideologiese besorgdhede in prosatekste oorgedra. Ekologiese, ekonomiese, politieke en klasrealiteite is verwerk binne die ‘literêre werk’, waar die literêrheid beklemtoon is in die styl, die wyse van beskrywing en dikwels die duidelik ‘gestruktureerde’ narratief. Die skrywer was ook intellektueel, doelbewus besig met die produksie van 'n Afrikaanse literêre kultuur binne 'n ontwikkelende staat (die vader) en familie (die Afrikaner).

'n Groeiende bewuswording van nasionalisme en die kultivering van 'n eie kultuur, 'n eie identiteit, kon in hierdie tyd die oorsaak gewees het van die ontstaan van 'n dialektiek ten opsigte van ‘die ander’, waar ‘hulle’ erkenbaar word en waarneembaar is om hulle ‘andersheid’. Dit is opvallend dat in dié tyd van die onverbiddelike institusionalisering van rasseskeiding daar so 'n belangstelling was in ander kultuur- en rassegroepe, veral in die werke van I D du Plessis, Mikro (C H Kühn, 1903-1968), P J Schoeman (1904), G H Franz (1896 - 1956). Du Plessis het 'n verhandeling geskryf oor die bydrae van die Maleiers tot die Afrikaanse volkslied (1935), waar die Afrikaner se kultuur implisiet die norm was en ander het daartoe bygedra - en waar

die versweë bedoeling dan sou wees dat die ander kultuur daar is om bestudeer, be-skryf, en uiteindelik ‘opgehef’ te word. In sy trilogie oor die ‘gekleurde’ plaaswerker, *Toiings* (1934, 1935, 1944) ‘...stel Mikro...die Kleurling vir die eerste keer sentraal’ (Kannemeyer, 1978: 349). Maar Toiings word nietemin geïnisieer tot die onderskeid tussen goed en kwaad deur die wit plaaseienaar, sy patroniserende bewaker. Die klem is deurgaans op die ideologiese - d.i. op die verskil tussen rasse - selfs in die progressie van die weergawe van die ‘gekleurde’ tot 'n meer gepolitiseerde bewustheid van kleur, soos in Mikro se later werk. Die ideologiese kategorisering van Schoeman se werk in die literatuurgeskiedskrywing onder ‘die uitbeelding van die dier en die inboorling’ (1978: 357) is sprekend van 'n koloniale houding selfs nog by moderne literêre kritici. Franz se belangstelling in die ‘Bantoe’ en folklore, en die ‘folkloristiese’ inligting wat verstrek word, koppel die ‘wetenskaplike’ met die literêre en sou kon ontstaan het in Sosiale Darwinisme en ‘Imagery derived from the biological sciences and the family (which) gave rise to ubiquitous notions of the “dependant” or “child races”. In the imperial context this was later transformed into conceptions of “separate development” and “trusteeship”’ (Marks en Trapido, 1987: 72). Daarby kom nog die milieu, gewoonlik die plaas of die veld - die idilliese - waar ‘hulle’ (die ander rasse) behoort, en waar hulle klasseposisie dus bevestig is.

Waar die prosatekste besorg was oor ras, die rol van etnisiteit binne klasse-oorheersing (wat selde bewus gestel is, maar binne 'n ideologie plaasgevind het, dus onbewus), groeiende verstedeliking - daar het die dramatekste van hierdie tyd gegaan oor armoede en die opheffing van die armblanke. En die Afrikaanse poësie het gestreef na 'n kultuur van aristokrasie. Die feit dat dit aan die gebeur was min of meer teen dieselfde tyd dat, byvoorbeeld, Afrikanervroue begin het om die klerefabrieke te verlaat vir klerklike werk, in die tyd van die Ekonomiese Volkskongres, die Reddingsdaadbond en Volkskapitalisme, kan slegs daarop dui dat die Afrikaner ekonomies en polities tot 'n bourgeoisie aan't ontwikkel was. Hierdie ontwikkeling sou op sy beurt die geforseerde vorming van 'n swart proletariaat versterk, stygende werkersklasmilitansie en die groei van vakunie-organisasie - wat sou kulmineer ‘in the extroardinary African mine workers' strike of 1946’ (Saul en Gelb, 1981: 14).

Die poësie van die tyd kan gekarakteriseer word in die woor-

de van Kannemeyer: ‘Die nuwe kunstenaars sien die poësie as 'n bewuste taak en wil 'n vers skep waarin elke woord en beeld suiwer en artistiek bevredigend is’ (1978: 278). Dertig het sinoniem geraak met poësie - die poësie van N P van Wyk Louw, W E G Louw, Uys Krige en Elisabeth Eybers.

N P van Wyk Louw - ‘as digter en essayis een van die heel grootste persoonlikhede wat die Afrikaanse letterkunde nog geken het’ (Kannemeyer, 1978: 386) - was professor in die Afrikaanse en Nederlandse letterkundes (eers in Amsterdam, 1950 - 1957, en later in Suid-Afrika), literêre teoretikus en akademikus onder wie se leiding 'n hele geslag kritici van die vyftiger-, sestiger- en sewentigerjare opgelei is in die Formalistiese tradisie, met spesiale aandag aan die estetiese en die ‘suiwer woord’. Sy essays van die dertigerjare (*Lojale verset* en *Berigte te velde*) formuleer die strewe van die nuwe Afrikaanse poësie, die ‘hoë en dwingende’ taak daarvan, en die noodsaaklikheid van die ‘aristokratiese’. Die uiteindelike doel van die digter is die intellektuele, wat sal beteken die intellektuele leier van sy/haar mense. Miskien wou Van Wyk Louw 'n soort organiese intellektueel skep (daar is egter geen bewys dat hy Gramsci gelees het nie), net soos die maak van 'n estetiese tradisie in daardie tyd 'n prioriteit was, en uiteindelik - toe Afrikaner-nasionalisme gevestig was, gerugsteun deur etnisiteit en verdeling - die totstandkoming van liberalisme. Die titel van sy latere essay- en ‘briewe’-bundel is selfverduidelikend: *Liberale Nasionalisme* (1958), met 'n subtitel: ‘Gedagtes oor die nasionalisme, liberalisme en tradisie vir Suid-Afrikaners, met 'n kulturele nadrup’.

Die gedigte en toneelstukke van Van Wyk Louw wat geskryf is tussen 1935 en 1948 sentreer meestal om die geestelike en metafisiese, poësie en die skryfkuns, die ‘nasionale’ en mag.

Deurgaans in sy poësie sal daar 'n soeke wees na geestelike helderheid, en 'n metafisiese stryd met God. Dit sou die werklike begin wees van 'n ‘heerskappy van gedagtes’, 'n Hegeliaanse benadering tot die werklikheid; die ideële, totaal sonder 'n besorgdheid oor of bewustheid van die materialistiese. Die digter is die profeet, maar hy (as manlike figuur) word nie begryp deur ‘hulle’, die massas, nie, en hy moet die stryd met God besleg. Die oplossing lê in die perfekte gedig, in intellektuele skoonheid. Hier is die begin van die selfgesentreerdheid van die artistieke (die begin van modernisme in Afrikaans?) Selfs waar die ‘materialistiese’ skynbaar belangrik word, soos die aanslag van 'n

half-mens, half-dier op 'n stam êrens in Afrika (*Raka*, 1942), beweeg die werk uiteindelik op die vlak van die ideële en gaan dit oor die vernietiging van kultuur en beskawing. Van Wyk Louw se werk met 'n nasionale tematiek, soos die spel waarin die Voortrekkers hulle dade regverdig (*Die dieper reg*, 1938), is allegories, idealisties en poëties, sonder historiese motivering. Die latere stuk, *Germanicus*, wat handel oor mag en oorheersing, bespiegel en intellektualiseer oor die konflik tussen aristokraat en potentaat, tussen die politieke leier en die kultuurpersoon; en die gevolg is skynbaar die onttrekking van die individu van die 'massa', en 'n afsku aan mag as boos. (Klaarblyklik het Van Wyk Louw *Germanicus* in 1947/48 begin, maar dit nie toe voltooi nie, en dis eers in 1956 gepubliseer. As gevolg van politieke ontwikkelinge?)

Met die uitsondering van *Die dieper reg* het Van Wyk Louw se literêre produksie in die tyd geen direkte verband gehad met die groeiende Afrikanerhegemonie nie (soos ook die geval was met die ander Dertigers, W E G Louw en Elisabeth Eybers). Maar 'n herinterpretasie van sy werk binne daardie historiese konteks sou kon konkludeer dat sy aristokratisering en intellektualisering van die poësieproses, sy 'universalisering' van letterkunde, uiteindelik tog dialekties verwant was aan die versterking en regverdiging van Afrikaner-nasionalisme. Dit sou natuurlik die enge etnisiteit daarvan wou verbreed, maar min helder woorde is, aan die anderkant, gesê oor die effekte van die misbruik van politieke mag op die 'massa'. Want Van Wyk Louw was deeglik bewus van mag en sy misbruike, soos spreek uit sy latere gedig oor die inkwisiteur en sy gevangene, 'Die hond van God'.

Uys Krige was anders. Hy het uitgepraat teen politieke onreg, die Afrikaner gekritiseer, en was betrokke by die Tweede Wêreldoorlog terwyl die nasionalistiese Afrikaner militêre diens geweier het. Sy poësie het min van die kulturele en estetiese ywer van sy tydgenote gehad, hy het nie hulle roepingsgevoel gehad nie, nòg hulle obsessie met die intellektueel en sy (nog manlike) rol. Hy was romanties, het poësie vir die mense geskryf en as wêreldreisiger iets van die Suid-Europese in die Afrikaanse poësie gebring, ook deur vertalings. Terwyl Van Wyk Louw oor liberalisme geïntellektualiseer het, was Krige die eerste liberaal, skepties oor nasionalisme - omdat hy die uiterstes daarvan in die oorlog aanskou het, en 'n gedenkwaardige gedig daaroor geskryf het: die 'Lied van die Fascistiese bomwerpers'. Waar Van

Wyk Louw die esteet was, die liberale nasionalis, toegewy aan die aristokratiese ideaal, was Uys Krige die liberale humanis wat uitbeweeg het in die wêreld.

M E Rothmann (MER, 1875 - 1975) was betrokke by die materiële omstandighede en kulturele ontwikkeling van die Afrikaner. Haar deelname aan die Carnegie-kommissie oor wit armoede in die vroeë dertigerjare, aan die ACVV, die Voortrekkerbeweging en die Kaapse Nasionale Party, het haar nader gebring aan die mense vir wie sy geskryf het as die digters van die tyd. Haar besorgdheid was dieselfde as dié van Van Bruggen (armoede, die plaas ens.), maar met groter klem op die vaslegging van kultuur; en haar prosa was meer gesofistikeerd, op 'n ‘literêre’ wyse, met vertellers wat vertroulik omgaan met die leser, al vertellend en lerend. In haar tekste het 'n literêre kultuur vanuit sosio-ekonomiese kondisies ontwikkel in dié sin dat skryf en die ontwikkeling tot'n hegemonie hand aan hand gegaan het. Alhoewel die letterkunde suprastruktureel is, skyn dit tog 'n feit te wees dat die groeiende vaardigheid wat betref die literêre produksie in dié tyd nie geskei kan word van 'n Afrikanerkohesie nie wat sou kulmineer in die Nasionaliste se triomf in 1948.

Net soos nasionalisme die groei tot kapitalisme versnel het, so het die prosa wegbeweeg van die mense en sosiale kwessies na die individu en van realisme na vorme van pre-modernisme (vgl. die tekste van C J M Nienaber, P de V Pienaar, Willem van der Berg).

1948-1961

In 'n beleidsdokument van 1948 het die African National Congress Youth League gesê:

> *The majority of Europeans share in the spoils of white domination in this country. They have a vested interest in the exploitative caste society of South Africa*. (Karis en Carter, 1973: 227)

As mens hierdie uitspraak lees saam met die volgende waarneming word die dialektiek van die stryd duideliker:

> *The inclusion within the ruling Afrikaner coalition of a growing number of urbanized 'poor whites' guaranteed them a privileged status in the labor market and channeled to them some small fraction of capital's rising profits. On this basis*, *the living standards of all white South Africans rose rapidly after 1948*... (Saul en Gelb, 1981:17)

'Capital found that apartheid worked' (1981: 16). Kapitaal en apartheid het hand aan hand gegaan: wit mense het bourgeois geword en swart mense het gekonsolideer geraak binne 'n proletariaat. Daar moet ook kennis geneem word van die feit dat - in teenstelling tot die Afrikaanse letterkunde - die ontwikkelende situasie van klasse-oorheersing gelei het tot ontnugtering by die swart elite van die veertigerjare, wat weerspieël is in die swart letterkunde: in die toenemende gebruik van Afro-Amerikaanse modelle wat wit oorheersing verwerp.

Om hulle posisie van dominasie te handhaaf moes die Nasionaliste in dié tyd talle wette instel (die Groepsgebiedewet, die Bevolkingsregistrasiewet, die Ontugwet, die Wet op die onderdrukking van Kommunisme, die Bantoe-owerhedewet, die Bantoe-onder-wyswet, die Wet op Bevordering van Bantoe-selfregering, ens.). Die groot repressie het begin. '...It is the situation of the 1940's

which aptly deserves the appellation of “organic crisis”’ (Saul en Gelb, 1981: 13).

Die meeste prosa van dié tyd is 'n voortsetting van die tradisie van die Afrikaanse prosa tot dusver: 'n refleksie van die realiteit sonder dat daar simboliese oplossings gebring kan word vir die groeiende kontradiksies in die maatskappy.

Vanaf die idilliese feudalisme van die meester-slaaf-verwant-skap in sy vroeër werk probeer Mikro nou die geïntensiveerde rasseprobleme aanspreek. Hy slaag egter nie daarin om kleur werklik binne 'n politieke konteks te sien nie; en in plaas daarvan keer hy hom tot die wit, kleindorpse wêreld en skryf binne die gemoedelike verteltoon oor die klein tragedies van die ouerwordendes en die oues van dae. Dit is 'n betekenisvolle ‘bekentenis’ van 'n onvermoë om nuwe tye te hanteer - vanaf'n humoristiese, patroniserende houding teenoor swart mense skryf hy nou patroniserend oor wit mense.

In 'n toneelstuk *Die jaar van die vuur-os* (1952) wil W A de Klerk (1917) die Afrikaner tot die besef bring dat hy nie binne die grense van sy ras kan bly voortbestaan nie, maar dat daar uitgereik moet word na swart en bruin landgenote om na 'n nuwe oplossing te streef. Die verwarde mengsel van ideologie, karikatuur, tipe en die gebruik van die *deus ex machina* kan 'n aanduiding wees van die onsekerheid waarbinne sommige Afrikaanse skrywers in daardie stadium verkeer het in terme van watter soort intervensies hulle kon maak. 'n Vermenging van verskeie aktuele sake - industrialisasie, die ontwikkeling van 'n meer komplekse maatskappy, kolonialisme, Afrika, die Afrikaner daarin - is karakteriserend van De Klerk se ander werk. Ook later in *Die laer* (1964), 'n historiese roman oor die Dorslandtrek, vertel vanuit 'n ‘gekleurde’ se perspektief, is die probleme met die perspektief miskien juis herleibaar tot ideologiese ‘stiltes’ wat onbewus die produksie van die teks kon beïnvloed het.

Buiten die feit dat die eerste swart Afrikaanse skrywers nou hulle eerste prosatekste produseer (Arthur Fula en Eddie Domingo), is dit ook die eerste poging van 'n wit petit-bourgeoisskrywer om hom te projekteer in die situasie van 'n swart Kleinboer wat probeer om deel te word van 'n verstedelikte proletariaat. F A Venter (1916) se *Swart pelgrim* (1952) (dis sprekend dat die hoofkarakter 'n pelgrim moet wees!) is die verhaal van 'n Xhosa wat stad toe gaan om werk te kry en om na sy broer te soek. Maar hy keer gebroke terug. Die ideologiese boodskap

het literêre kritici nooit werklik uitgespel nie, nl. dat daar geen swart pelgrims na die land van wit mense kon wees in Verwoerd se tyd nie. Dit is opvallend dat beide De Klerk en Venter onlangs besonder konserwatiewe uitlatings begin maak het oor die Afrikaner en die skrywer; en dat daar ontevredenheid was by swart skole (spesifiek in die Kaap) wat betref die voorskryf van Venter se *Man van Cirene* (1957): die roman oor die swart man wat Christus se kruis help dra het. Hierdie soort rassisme - natuurlik ‘histories gefundeer’ - sou in orde gewees het in die bloeityd van die Nasionaliste se hegemonie; maar nie vandag nie.

Die Afrikaanse poësie was besig om te konsolideer tot 'n bourgeois-poësie, hand aan hand met Suid-Afrika se ekonomiese oplewing na die Tweede Wêreldoorlog en die Afrikaner se groeiende aanvaarding van die kapitalistiese ideologie. Dit was 'n poësie wat bewustelik gegroei het uit 'n Westerse tradisie en wat gestreef het na gelykheid van gehalte met die beste in die Westerse wêreld. Kapitalisme, spesifiek ‘volkskapitalisme’, is doelbewus aangeneem as die Afrikaner se redding, teenoor die vrees vir swart onderdrukking en Engelse superioriteit. 'n Mens sou die onttrekking van die poësie van die tyd van 'n nasionale stryd of 'n sosiale gewete tot individualiteit en wedywering kan interpreteer in terme van die ontwikkeling van kapitalisme - waarvan die estete die ware aangesig nog nie geken het nie:

> *And what was...the essential problem in South Africa was what had been the problem for a long time: not nasty prejudiced whites and irrational Afrikaners and mysterious cultural forces*, *but a super-exploitative capitalism*. (Johnstone, 1982: 16)

Ten spyte van die ANC se veldtogte in die stedelike gebiede, die massa-mobilisasie van die vyftigerjare, die ‘Defiance Campaign’, die ‘Congress of the People’ met die aanvaarding van 'n teks oor menseregte; ten spyte van die protes teen Bantoe-onderwys en die paswette vir vrouens, die verskuiwing van mense, die konsolidasie van die proletariaat en die nywerheidsonrus in die laat vyftigs; ten spyte van die feit dat die bestaande swart elite as gevolg van die beëindiging van swart mense se regte om eiendom te besit gereduseer is tot 'n proletariaat, maar nog die vermoë gehad het om opwindende prosaliteratuur voort te bring. (‘In the 1950's and the larger portion of the sixties we experienced a literary renaissance for blacks in this country...the renaissance was a celebration in prose’, Mphahlele, 1982: 89). Ten spyte van die enorme teenstry dighede wat aan die ontwikkel was tussen 'n wit

bourgeoisie en 'n geforseerde swart proletariaat in die stedelike gebiede, en dat 'n gekultiveerde swart bourgeoisie in die Bantoestans vervreemd geraak het van hulle etniese landgenote in die stede - ten spyte van al hierdie omwentelinge is daar geen aanduidings dat die Afrikaanse digters wat alreeds 'n sekere status bereik het (Van Wyk Louw, Eybers en Ernst van Heerden) enigsins bewus was van of besorg was oor hierdie sake nie.

Van Wyk Louw het na die ‘nuwe’ gestreef in *Nuwe verse* (1954) en 'n sintese van die verlede en die wêreld van sy jeug met sy kleurryke volkstaal bereik. Hy was op soek na 'n nuwe digterlike diskoers vir die ‘kentering van die tye’ (Kannemeyer, 1978: 422), en baie bewus van die digter se ambag en die profeet se roeping. Daardie diskoers het hy gevind in *Tristia* (1962), die poësie van sy ‘ballingskap’ vanaf 1950-1957, wat vandag nog beskou word as die ‘grootste’ poësiebundel in Afrikaans. Die ervaring van ballingskap was eintlik ironies: alhoewel dit gelei het tot 'n kritiek op die Afrikaner en 'n emosionele reaksie op Suid-Afrika wat in die frase *odi et amo* saamgevat word, was dit desnieteenstaande 'n verrykende ballingskap in terme van 'n Europese bewussyn. In elegiese verse betreur hy die afwesigheid van die Europese in Suid-Afrika:

> *my land*, *my dor verlate land:*
> *iets wens olywe groei in jou:*
> *dat alles klein*, *Latyns*, *gaan word*
> *en kalk-wit kerkies bou* (1962: 14)

Hierdie bundel verteenwoordig die toppunt van verfyning in die Afrikaner se poësie. Die aristokratiese ideaal is met die verkryging van die Afrikaner se politieke republiek bereik. Natuurlik kan mens die twee prestasies nie eenvoudig in 'n direkte oorsaak-en-gevolg-verband sien nie - maar in terme van die dialektiek van mag is dit die uiteinde van doelgerigte strewes.

Die woorde ‘gespanne realisme’ is al gebruik om die rigting te beskryf waarin Elisabeth Eybers se poësie ontwikkel het. Hierdie wegbeweeg van die vroeëre romantisering van die moeder, kind, die vrou mag saamgegaan het met rypheid; maar daar was 'n besliste intensivering van die ironiese, nie slegs wat poëtiese tegniek betref nie, maar ook in haar houding teenoor die lewe. Die ironie sal 'n altyd-teenwoordige element in die Afrikaanse poësie word na Van Wyk Louw se dikwels aangehaalde reëls uit *Tristia*: ‘Ons het ten minste heelwat ironiese ruimte’, en ‘eintlik moet ons leer ironies lewe:/én: binne ironie

nog liefde hou’. 'n Mens sou sekerlik Elisabeth Eybers se voorkeur vir ironie met verwysing na haar persoonlike lewe kan verduidelik; maar die groeiende invloed van die ironiese houding kan ook gesien word as 'n simboliese oplossing vir die groot kontradiksies wat aan't ontwikkel was in die Suid-Afrikaanse maatskappy. Met 'n aanpassing van Pierre Macherey se teorie van afwesigheid (‘We always eventually find, at the edge of the text, the language of ideology, momentarily hidden, but eloquent by its very absence’ (1978: 60)) sou mens kon sê dat waar die poësie van dié tyd tematies min erkenning van die Suid-Afrikaanse situasie getoon het, dit kan wees dat poëtiese middele en die skynbare onttrekking van die politiek na die estetiese 'n stille bewustheid geïmpliseer het.

Alhoewel Ernst van Heerden (1916) se poësie van die latere sewentiger- en tagtigerjare 'n groeiende besorgdheid vertoon met die politieke is sy werk in dié tyd persoonlik, geïnternaliseer en gepreokkupeerd met die poëtiese.

Digters wat met betrekking tot temas en poëtiese praktyk meer betrokke was by hulle tyd as bogenoemdes is S J Pretorius (1917) en D J Opperman (1914-1985) - en later S V Petersen, G A Watermeyer en Barend Toerien. Industrialisasie, arbeid en die aliënasie van kapitalisme is verwante onderwerpe in hulle werk. Opperman (wat ook beskou word as een van die ‘groot’ Afrikaanse digters) is 'n meester van die metafoor en die volgende in die ry van ‘uitnemende’ digters. Terwyl Pretorius nader aan die volk was, is Opperman primêr 'n digter se digter.

Vir Van Wyk Louw was die digter die intellektueel, vir Opperman was die digter die akademikus, die navorser en bloemleser (of akkumuleerder). Hy was by die letterkunde betrokke sedert sy jeug, en vanaf die sestigerjare het hy 'n ‘literêre laboratorium’ georganiseer by die Universiteit van Stellenbosch waar hy hoof was van die Departement Afrikaans-Nederlands. Menige jong digter het aan sy voete gesit, en baie skryf poësie soos syne. Deur sy bloemlesings en sy assosiasie met die uitgewers van die hegemonie was hy in die posisie om 'n sekere mate van ‘beheer’ oor poësieproduksie uit te oefen - en om gedigte te kanoniseer.

Opperman het die Suid-Afrikaanse realiteit (die politiek en die natuur) geëksploiteer om dit te transformeer, om die ‘engel uit die klip’ te bevry, die ewige vanuit die tydelike. Sy verbintenis met Afrika was ter wille van dié transformering, metaforisering, selfs ‘universalisering’; en dit impliseer in werklikheid die

de-afrikanisering van Afrika. Die doel van die letterkunde was klaarblyklik vir hom om die realiteit te interpreteer *sub specie aeternitatis*; en waar hy industrialisasie, arbeid, klas, kapitalisme en nasionalisme aangeraak het, of die aard daarvan wou weergee (soos in 'Ballade van die grysland', 1947 en *Joernaal van Jorik*, 1949) is die materialistiese basis uiteindelik verwerk tot idealistiese strukture met indrukwekkende metafore. In laasgenoemde - 'n epos oor die geskiedenis van die Afrikaner, maar ook oor die menslike kondisie - word die onverbiddelike proses van die mens se groei tot gehegtheid aan sy/haar materiële situasie gesien as verraad teenoor die geestelike en die religieuse; en in hierdie epos het Opperman die Afrikaanse skrywer se alreeds verfynde voorkeur vir die idealistiese bo die materialistiese verskerp. Hy het geskryf oor 'die geskiedenis en dilemma van die Afrikaner en uiteindelik ook van die mens en die digter in die lig van die ewigheid as boustof' (Kannemeyer, 1983: 119). Hierdie eksploitasie van die materialistiese ter wille van die ewige bepaal ook die 'laag'-struktuur van sy poësie, waar meer as een 'simboliese' suprastruktuur vanaf die poëtiese infrastruktuur gelees kan word.

Opperman het dus die teks van die geskiedenis gedehistoriseer om die 'ewige betekenis', en ter wille van die estetiese *écriture*. Die digter is die skriba van die mense, wat hulle geskiedenis aanteken sodat dit getransendeer kan word. Hy (sy?) is die bewaker van die beskawing; en beskawing kan uiteindelik gemeet word aan die winste van die kapitalisme. 'n Noukeurige studie van Opperman se werk, insluitend sy toneelstukke geskryf in die klassieke Griekse tradisie, met inagneming van die Afrikaner se ontwikkeling van nasionalisme tot kapitalisme, sal waarskynlik histories 'n korrelasie vind tussen polities-ekonomiese en kulturele ontwikkeling.

Opperman se poësie het hierdie periode oorheers; en omdat sy tekste die belangrike spanninge en kontradiksies van die tyd verestetiseer en gedehistoriseer het, was hulle by wyse van spreke wel 'oplossings', of aanwysers. Aan die ander kant het die minder simboliese en meer direkte poësie emosies aangeteken. G A Watermeyer (1917-1972) se manlike Afrikanerwerkers het geëis geld, grond, behuising en brood; en hulle het geweier om tevrede te wees bloot as werkers en 'anderman se kneg'! Oor die werk van die eerste 'gekleurde' digter, S V Petersen (1914-1987) is daar gesê 'die lewe van die bruinmens met sy gevoelens van verset en aanvaarding na die vroeëre geestige en humorrea-

listiese uitbeeldings (kry) die eerste keer gestalte in die Afrikaanse letterkunde' (Kannemeyer, 1983: 167). Maar reeds hier, aan die begin van 'n swart Afrikaanse letterkunde, het die rassisme van die nasionalistiese staat 'n gevoel van skande veroorsaak: Petersen het aanvanklik gepraat van 'die vloekstraf van 'n donker kind'; en selfs later wanneer hy protesteer teen diskriminasie is die titel van sy bundel nog betekenisvol: *Die kinders van Kain* (1960).

Geleidelik het die wit Afrikaanse digter se bewuswording van onderdrukking en klasseverskil tog uitdrukking gevind; soos byvoorbeeld in sekere verse van Barend Toerien (1921). Sy gedig 'Orlando-landskap' praat in die stem van die swart werker oor onhigiëniese lewensomstandighede, arbeidsuitbuiting, vernedering, paswette, klasse- en rassediskriminasie, groepsgebiede - al die diskriminerende praktyke van die periode na 1948. Hierdie teks is 'n gepaste oorgang vanaf hierdie tydperk tot die groeiende repressie van die volgende; vir wat dit sê, maar ook vir wat dit is, 'n aanduiding van 'n ander soort letterkunde wat gaan kom: bewus van onderdrukking (in so'n mate dat daar selfs in skrif met die onderdrukte, as onderdrukte, geïdentifiseer word), en krities - maar nog niks meer as kommentaar of aanval nie; reaktief maar sonder simboliese oplossings vir die kontradiksies. Omdat die wit Afrikaanse skrywer geheel-en-al bourgeois geword het, geheel deur klas en kultuur van die onderdrukte geskei.

Orlando-landskap

Wat van ons wat woon in krotte
en dag na lange dag geruk
word deur die ritme van 'n pik,
of donker onderaards soos rotte
kap en dra en dril, met gasse
en ou lug ons pal metgesel,
met uitskei ondersoek word, afgetel,
op straat gestop word, visenteer vir passe?

Wat van ons, julle wat wette maak,
wat met 'n potlood, met 'n hand-

beweging op 'n kaart ons koers
neerlê, gevoelens en die land
haarfyn beplan, en bitter maak;
wat, wat van ons, jul donker broers? (1983: 17)

1961-1976

Hierdie tydperk begin met 'n krisis: die aanval van die staat op mense in Sharpeville op 19 Maart 1960; en dit eindig met 'n krisis: die aanval van die staat op kinders in Soweto op 16 Junie 1976. Tussen hierdie krisisse is die patroon van repressie en opstand duidelik die pad van die politieke geskiedenis.

Goudreserwes het gedaal toe kapitaal uit die land gevloei het, en groot sakeondernemings het hervormings geëis. Vir die staat het hervorming beteken die verbanning van Swart nasionalistiese organisasies in 1961 en die onderdrukking van teenstand uit die werkersklas. Bantoestans, die herontdekking van etnisiteit en die belangrikheid daarvan, ‘social engineering’, verhoogde beheer oor die arbeidsmag - alles het deel geword van 'n ‘newly constructed state ideology’ (Marks en Trapido, 1987: 390).

Die konsolidasie van 'n standvastige Afrikaner-nasionalistiese hegemonie was besig om te gebeur; maar terselfdertyd het die teenstydighede daaromheen uitgewys na die totstandkoming van 'n ander hegemonie: die ANC en die PAC het begin afstand doen van hulle beleid van nie-gewelddadige verset. Nelson Mandela het gesê: ‘it would be unrealistic and wrong for African leaders to continue preaching peace and non-violence at a time when the Government met our peaceful demands with force’ (1965: 179).

Maar voordat mens praat oor die Afrikaanse letterkunde is dit absoluut noodsaaklik om daarop te wys dat op hierdie oomblik van feitlik totale repressie daar 'n opwelling in die skryfproduksie van swart skrywers was; maar dat dit doelbewus verbied is: ‘...the lively and important group of black writers who burst into

South African literature in the fifties and early sixties disappeared...as if through a trap door' (Gordimer, 1976: 100). 'Black South African literature had gone into exile' (Barnett, 1983: 25). Daar was feitlik 'n totale stilte op dié literêre front.

Daar was egter 'n ekonomiese oplewing as gevolg van die onderdrukking: 'After Sharpeville, when it was apparent that African resistance would be crushed (at least for the moment), foreign capital (American, British, West German, and Japanese most prominently) began to pour into manufacturing, helping to influence and sustain the prolonged boom' (Saul en Gelb, 1981: 20).

En in die Afrikaanse letterkunde was daar 'n hernuwing. Volgens die literêre geskiedskrywers is die hernuwing in die poësie in 1955 ingelei deur Peter Blum, terwyl daar 'n beangste strewe tot 'n radikale hernuwing in die prosa was, met Van Wyk Louw vooraan.[5.]

'n Krisis, die konsolidasie van die wit hegemoniese mag, repressie, die verbanning van die letterkunde van die onderdruktes, 'n oplewing in die ekonomie, 'n vernuwing in die Afrikaanse letterkunde. Dit is die teenstrydige gegewens wat mens in ag moet neem by die kennisname van wat in hierdie tyd gebeur het in die Afrikaanse letterkunde.

Die tyd van die Sestigers het bekend geraak as die dekade van prosaproduksie. Hier het 'die moderne Afrikaanse letterkunde' begin; en die oorsprong en inspirasie daarvan lê in Europa en Amerika, in die modernistiese prosa en drama (Joyce, Faulkner, Beckett, Sartre, die Teater van die Absurde, die Nederlandse skrywers Hermans en Wolkers, en lateraan die Franse soos Alain Robbe-Grillet; en die psigologie van C G Jung). Die naelstring was nog Europa, alhoewel die domicilium Afrika was. Ironies genoeg was dit Peter Blum - 'n Europeër wat vir 'n rukkie in Afrikaans geskryf het - wat eerste in poësie die Europese verband gestel het, maar wat ook 'n voorgevoel gehad het van die teenwoordigheid van Afrika:

> *Maar as die bergwind so rukkerig waai*
>
> *...*
> *ruik ons droogte en brand*, *en gerug*
> *van sprinkaan*, *aardbewing en oproer*
> *op daardie skroeiende binnelandse lug*
> *- dan*, *dan*
> *weet ons op watter vasteland ons boer*. ('Nuus uit die binneland' 1956: 8)

Buiten die poësie wat hy in 'n moderne Europese idioom geskryf het, het Blum ook poëtiese vorme aangepas by Suid-Afrikaanse materiële omstandighede, soos die sonnet - in die tradisie van die Italianer, Guiseppi Belli, se *Sonetti Romaneschi* (1791-1853). In sy 'Kaapse sonnette', meestal geskryf in Kaaps, satiriseer hy wit, bourgeois waardes - maar hy is ook die eerste moderne digter wat skryf vanuit 'n bewustheid van klas en in die taal van 'n proletariaat.

Peter Blum is die voorloper van die Sestigers, en alhoewel die digters van vorige dekades nog tekste in hierdie tyd produseer - in die tradisie van die 'geslaagde' gedig (Van Heerden, Eybers, Pretorius, Opperman, Rousseau, Toerien, Cussons) - behoort die periode vanaf die vroeë sestigerjare tot laat in die tagtigerjare aan Ingrid Jonker (1933-1965), Adam Small (1936), Anna M Louw (1913), Elsa Joubert (1922), Jan Rabie (1920), Etienne Leroux (1922), Dolf van Niekerk (1929), André P Brink (1935), Chris Barnard (1939), Bartho Smit (1924-1987), Abraham H de Vries (1937), Hennie Aucamp (1934) en Breyten Breytenbach (1939). Van hulle is slegs Jonker, Small en Breytenbach hoofsaaklik digters.

Wat betref die 'ideologie' van die meeste van hierdie skrywers praat J C Kannemeyer van 'die polarisasie in die sestigeren sewentigerjare tussen die skrywers aan die een kant en die owerheid, die Kerk en die literêre "establishment" aan die ander kant. Dit bring mee dat die vernuwing van Sestig nie net tot die literatuur beperk is nie, maar sy invloed op die hele maatskaplike bestel in Suid-Afrika laat geld, baie van die taboes en vooroordele van die samelewing afbreek en die literêre, morele, godsdienstige en politieke konvensies van die Afrikaner wysig' (1983: 229).

Tipies van die Afrikaanse literêre kritikus dramatiseer Kannemeyer die effek van die 'suprastrukturele' op 'die hele maatskaplike bestel in Suid-Afrika', omdat binne dié kenmerkende apartheid-gekondisioneerde denke die enigste maatskappy wat bestaan dié van die Afrikaner is. In die lig van die begin van een van die grootste Suid-Afrikaanse krisisse in die sestigerjare is die effek van die polarisasie van die Afrikaanse skrywer minimaal, en het dit waarskynlik geen invloed gehad op die opmars van die apartheidstaat se masjien van vernietiging nie. Die dilemma van die Afrikaanse skrywer was natuurlik dat dit hulle staat was wat bereik is deur die skepping van nasionalisme en tradisie; en

die hegemonie was jaloers op sy kultuurproduseerders; daarom het hy daardie kultuur aktief geappropieer, deur erkenning, pryse en beurse.

Die onderdrukkende magte het egter bewus geraak van die potensiële gevare van die geskrewe woord, soos die lot van swart skrywers bewys. Net soos die ander menigte wetgewings het sensuurwette ook in die vyftigerjare begin. In 1963 is die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede gepromulgeer. Ongeveer in dieselfde tyd is die eerste twee romans van die 'vernuwing' gepubliseer: *Lobola vir die lewe* deur André P Brink en *Sewe dae by die Silbersteins* deur Etienne Leroux. Die vrees dat 'n werk van 'literêre meriete' verbied kon word, het Afrikaanse skrywers, veral N P van Wyk Louw, gedwing tot 'n fatale kompromie met sensuur. Hulle het driftig geprotesteer maar uiteindelik tog die wet aanvaar, op voorwaarde dat hulle 'n sê kon hê in die keuse van sleutelpersone in die Publikasieraad. Op hierdie wyse het hulle deel geword van die staatsapparaat. Selfs vandag vind die gevestigde Afrikaanse skrywer dit moeilik om 'n radikale opponent van die regime te wees, 'n feit wat geïllustreer word deur hulle geredelike aanvaarding van die Hertzogprys, of deurdat die meeste van hulle skryfwerk uitgegee word deur staats-ondersteunende uitgewers (Tafelberg, Perskor, HAUM) - of deur hulle deelname aan die resensiebedryf in pro-Nasionalistiese koerante en tydskrifte (*Beeld*, *Die Burger*, *Insig*), en vurig-kapitalistiese glansblaaie (*De Kat*).

Alhoewel die Sestigers vernuwend, waaghalsig, ikonoklasties en rebels was, kon hulle hulle nie distansieer van die wit, oppressiewe, bourgeois-kultuur nie - behalwe Breytenbach, wat die land verlaat het in 1960. Dit sou slegs 'n handjievol skrywers van die laat sewentiger- en tagtigerjare wees wat kon wegbreek en skryf na 'n ander kultuur.

Ten spyte van die gemaakte tradisie, veral via N P van Wyk Louw en later D J Opperman, van die estetiese en goed-gekonstrueerde gedig, waar die gedig in sigself belangrik is, het sekere gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse werklikheid en geskiedenis tog deur die glans van die estetiese kon inbreek in die poëtiese tradisie; eers in die werk van Toerien, toe by Ingrid Jonker (vgl. 'Die kind', gebaseer op die onrus in Langa in 1960), en geheel en al in die poësie van die swart digter Adam Small.

Afrikaanse prosa het 'n tradisie van 'gekleurde' karakters (by Malherbe en Mikro), en die poësie is ryk aan volksverse in die

kleurryke taal van die ‘gekleurde’ kleinboer (die uitdrukkings en beelde is veral geapproprieer deur Van Wyk Louw en Boerneef). Maar die eerste swart en gepolitiseerde digter wat geskryf het vanuit ‘hulle wêreld’ was Adam Small; vanuit die wêreld waar die politieke bewussyn die poësie geskep het, waar poësie en politiek nie geskei is nie. Die taal daarin is die taal van die materiële omstandighede van die mense, die gedigte (in *Kitaar my kruis*, 1961 en *Sê sjibbolet*, 1963) is óór die mense, van die mense, oor die bevryding van die mense; en die toneelstukke (veral *Kanna hy kô hystoe*, 1965) is oor armoede, lyding en klasseonderskeid. Om literêre redes is Small nie beskou as deel van die ‘estetiese kultus’ van die Afrikaanse letterkunde nie. Sy obsessies met die mense is gesien, in terme van letterkunde, as 'n ‘gevaar’ omdat ‘dit die kunswerk tot 'n wapen in die stryd kan reduseer en aan die buiteliterêre doelstelling voorrang kan gee bo intrinsieke letterkundige waardes’ (Kannemeyer, 1983: 297).

Small se ‘realisme’, sy ‘populêre’ literatuur, het losgestaan van die ontwikkeling van die hoof-literêre stroom, waar daar 'n verskuiwing aan die gang was vanaf die tradisionele, romantiese, nostalgiese en veral die realistiese na groter eksperimentering.[6.] As mens Bertolt Brecht se bekende stelling oor die realistiese in gedagte hou (‘Realistic means: discovering the causal complexes of society/unmasking the prevailing view of things as the view of those who are in power/writing from the standpoint of the class which offers the broadest solutions for the pressing difficulties in which human society is caught up/emphasizing the element of development/making possible the concrete, and making possible abstraction from it’ (1977: 82); dan is die vraag: waarom sou die prosa - die beste medium vir ‘refleksie’ en ‘weergawe’ - begin wegbeweeg het van die realistiese, veral in hierdie tye van onderdrukking? 'n Maklike antwoord kan nie gegee word nie, maar in terme van die Afrikaanse poësie se ontwikkeling tot 'n monologiese, kanoniseerbare literêre genre, is dit 'n feit dat vir die skeppers van daardie tradisie die prosa tot dusver nog nie die status van ‘Letterkunde’ bereik het nie. Of anders het die Afrikaner hom op hierdie oomblik in die tyd so afgesluit deur sy eie prestasies dat daar geen buitekant meer was nie, en geen ander realiteit, geen geskiedenis nie - net suiwer letterkunde.

In die sestigerjare het die bourgeoisie die vrugte gepluk van ‘socialised super exploitation’ (Johnstone, 1982: 21) en die letterkun-

de - eksperimenteel en modernisties - het die vrye tyd gehad om te gedy op die oplewing in die ekonomie. Maar teen die sewentigerjare het die politieke keuses duideliker begin raak: voortgesette eksploitasie deur rassisme, of die moontlikhede van 'n sosialistiese revolusie. Afrikaner-intellektuele het begin besef dat die oorspronklike apartheidsideologie te eng en te ortodoks was; hulle moes daarna begin streef ‘to universalise the scope of hegemony’ (Marks en Trapido, 1987: 391). Teen die einde van die sewentigerjare was daar hervormingsformulerings wat feitlik neergekom het op 'n kapitalistiese konstitusie, soos voorgestel in die volgende frases uit die inleiding tot die Wiehahn-kommissie oor arbeidshervorming:

> *The Republic of South Africa subscribes to the principles of a free market economy based on individual freedom in the market place*... (Marks en Trapido, 1987: 394)

Die rigting wat die staat gekies het, was nou duidelik: kapitalisme.

Hoe het die Afrikaanse letterkunde gereageer, bygedra, gepoog om interpretatief hierdie redelik snelle historiese fluktuasies ‘op te los’ vanaf die oplewing tot die ekonomiese en uiteindelik organiese krisis? Met die groei van Swart Bewussyn in die vroeë sewentigerjare het nuwe swart skrywers weer begin produseer (soos bv. Oswald Mtshali se *Sounds of a cowhide drum* in 1971), en 'n orale letterkunde was aan die ontwikkel - 'n sterk anti-hegemoniese letterkunde.

'n Kort inleiding tot die tekste van die tyd sal hopelik 'n aanduiding wees van die preokkupasies, besorgdhede en literêre middele.

In haar eerste prosatekste - *20 days that autum* (1961) en die historiese romans oor President Paul Kruger (1964, 1968) - toon Anna M Louw (1913) dat sy bewus is van die geskiedenis en hoe om dit te dokumenteer. Sy skryf oor post-Sharpeville 1960 en oor ou President Kruger se ballingskap in Europa teen die einde van sy lewe. Haar persepsies van die geskiedenis is tradisioneel, maar die literêre werkwyse het verskuif van die direk realistiese tot 'n ander tegniek: iets soos dagboekaantekeninge oor gebeurtenisse, en dan die filosofie daaroor. Die klem lê egter op die literêre.

Teen hierdie tyd is die verskyning van 'n aantal romans wat mens ‘meesternarratiewe’ sou kon noem betekenisvol. Louw se *Kroniek van Perdepoort* (1975) kan beskou word as die eerste van hierdie ‘monumentale’ tekste: 'n familiesage wat afspeel op die

plaas wat 'n patriarg geskep het. Hierdie verhaal van 'n mikrogemeenskap wat 'n groter gemeenskap tipeer, simboliseer en uiteindelik allegoriseer, word as geskiedenis vertel. Dit sentreer om die begrafnis van die patriarg en bevestig Walter Benjamin se woorde oor die storieverteller: ‘What draws the reader to the novel is the hope of warming his shivering life with a death he reads about’ (1982: 101). Hier is 'n Faulkneriaanse narratief van mag, goed en kwaad; en dit herstruktureer die ideologeme en ideologiese tekens van die ouer Afrikaanse roman in 'n komplekse, modernistiese teks.

Soos Anna M Louw, het ook Elsa Joubert haar skryfloopbaan begin met reisjoernale (sprekend van die nuwe Afrikaner van die tyd: welaf, berese, belese, 'n eksploreerder van die wêreld; en van die bevryde Afrikaanse skrywer: wêreldreisiger ondanks die magtige repressie van haar/sy regering!) Sy het Afrika en die dekolonisasie daarvan ernstig opgeneem met die eerste romans in Afrikaans oor die individu binne'n veranderende Afrika (soos byvoorbeeld in *Ons wag op die kaptein*, 1963, en *Bonga*, 1971). Haar persepsies was teenstrydig omdat sy toe nog geglo het - op koloniale wyse - dat die ‘lig van die beskawing’ Westers is. Ook die literêre verwerking van hierdie sake wys op kontradiksies in haar tekste: 'n mengsel van modernisme en realisme, soms 'n dokumentêre realisme (*Die swerfjare van Poppie Nongena*, 1978) en soms 'n redelik eensydige allegorie (*Die laaste Sondag*, 1986). Ook Joubert se *Swerfjare* kan as 'n meesternarratief gekarakteriseer word; maar 'n teks wat nader kom aan die uitwys van die euwels van apartheid - 'n doelbewuste poging tot die blootstelling van daardie euwels deur die dokumentasie van 'n swart huisbediende se reise deur die infernos van diskriminasie, onderdrukking en vernedering. Maar alhoewel dit geproduseer is om die gevolge van 'n ideologie te illustreer kon dit nie die bande verbreek van daardie subtiele, altyd teenwoordige alhoewel skynbaar afwesige, groter ideologie nie: dié van die taal, Afrikaans, en van letterkunde en kultuur. Geskryf in ‘swart’, werkersklas-Xhosa-Afrikaans, waarskynlik doelbewus om die Afrikaner te bereik en hom aan te spreek in sy eie taal en letterkunde (want Elsa Joubert was al deel van daardie letterkunde), het dit die teenoorgestelde effek gehad. Poppie, Afrikaanssprekende Xhosavrou, is vir Afrikaans geapproprieer, het 'n Afrikaanse ‘Mutter Courage’ geword, en is geëer en aanvaar deur die hegemonie - vereer en gekanoniseer.

Die skryfwerk van Jan Rabie is 'n besondere voorbeeld van die fases wat party Sestigers deurgegaan het; veral in terme van hulle ‘vereuropesing’ en hulle terugkeer na Afrika (fisies en met betrekking tot die inhoud van hulle tekste. Breytenbach het natuurlik hier die uitsondering gebly). Hulle het in die realistiese tradisie begin skryf en in Europa gemoderniseer geraak (deur kontak met die Europese, veral die Paryse leefwyse, die kultuur van bistro, metro, Linkeroewer, eksistensialisme, ekspressionisme, surrealisme, eksperimentalisme); en weer tuis moes hulle terugkeer na 'n kontesterende, realistiese wyse van weergawe, bewus van die groeiende repressie van die laat sewentigerjare, maar nietemin emosioneel gebind aan Afrikaans. Hulle sou strewe om teen-hegemonies te wees, maar hulle het nog deel gebly van die literêre hegemonie van pryse, uitgewers, skrywersorganisasies; en van die kultus van ‘die skrywer as intellektueel’ of ‘die skrywer as anargis’.

Na sy terugkeer uit Parys in 1954 het Rabie 'n bundel kortverhale geproduseer - 21 (1956): allegories, surrealisties, simbolies, modernisties, selfs met 'n neiging tot 'n vroeë post-modernistiese ‘skisofrenisme’. Maar die Suid-Afrikaanse apartheidsrealiteit het hom gedwing van die bewus literêre na die historiese; na die Afrikaner en sy oorsprong en sy verhouding deur die geskiedenis met sy ‘gekleurde’ landgenote. Rabie se werk het ernstige barste veroorsaak in die literêre establishment. Kritici het sy ‘politieke betrokkenheid’ gesien as 'n belemmering van die ‘literêre’: die tradisie van die estetiese het in gevaar gestaan om deur politiek besoedel te word. Met groot erudisie het regse literêre kritici soos prof A P Grové (wat hoof geword het van die groot departement Afrikaans by die Universiteit van Pretoria, en wie se erfenis, en dié van sy kollegas soos prof Elize Botha en prof T T Cloete, nog gekoester word by die meeste Afrikaanse Universiteite) die liberalistiese benadering van Robert Liddell teen Rabie aangehaal: ‘But he may not have an angry conviction. He must be able to understand and to sympathise with views he does not share...’ (1962: 172).

Die verdeeldheid tussen kultuurleiers, opvoedkundige outoriteite, die kerk (of miskien slegs individue binne die N G Kerk) en 'n progressief-strewende groep Afrikaanse skrywers was taamlik ernstig, en 'n duidelike skeiding tussen ‘links’ (maar nog binne die hegemonie) en regs (Nasionalisties, rassisties en in 'n groot mate fascisties) was aan't ontwikkel. Net soos die

toenemende splitsings onder Afrikaners sedert die sestigerjare - met eers die HNP, toe die KP, en uiteindelik die blatante, Nazigeoriënteerde AWB - uiteindelik die konsep van 'n homogene ‘Afrikanerdom’ sal vernietig, so sal die Afrikaanse letterkunde verdeel, met 'n swart sterk solidêre teen-hegemoniese, ongekanoniseerde letterkunde aan die ontwikkel - wat nie deel sal uitmaak van die gevormde kultuur en estetiek nie.

Rabie se meesternarratief is sy *Bolandia*-reeks: die geskiedenis van die geboorte van die Afrikaner, maar ook, tegelykertyd, die geboorte van ‘gekleurde’ mense. Waarskynlik sou *Ark* (1977) ook as so 'n narratief gelees kan word, aangesien dit die eienskappe bevat van die ietwat eenderse, historiese, versigtig gestruktureerde en ‘monumentale’ tekste wat gedurende die tyd van krisis rondom 1976 geproduseer is: die meesternarratiewe. Daar moet definitiewe sosio-politieke en historiese redes wees vir die produksie van hierdie soort tekste; veral as mens in ag neem die ooreenkomste wat betref hulle gebruik van ideologiese, alomteenwoordige outeurs, of die verhouding tussen die outeur en die sentrale karakters, die Lukacsiaanse tipe, die familie en sy parallel met klasseverhoudings, die individu binne 'n sosiale totaliteit; en dan uiteindelik 'n effens veranderde dialektiek in die narratief sedert die tyd van militarisasie. Maar dit sou vanselfsprekend 'n diepgaande studie oor die gevolge van 'n ideologie vereis. En 'n beginpunt kan wees die bespiegelinge van N P van Wyk Louw oor ‘Nasionalisme en die Kuns’ reeds in 1936, juis oor die ‘gestalte’ (wat iets van die kompleksiteit van Lukacs se tipe inhou):

> *In die Afrikaanse literatuur is so 'n ‘gestalte’ nie onbekend nie. Die ‘Boer’ soos hy (sic) in die werk van Celliers*, *Totius*, *Langenhoven en andere verskyn*, *is geen realistiese figuur nie*, *maar juis so 'n menslike ideaal. Dit is die volledige uitdrukking van 'n politieke*, *godsdienstige en kulturele lewensbeskouing; dit was die beeld van die volk se strewe... Maar ons kan nie daarby bly staan nie. Die ‘Boer’ druk nie meer ons nasionale strewe volledig uit nie; ons sal nuwe vorms daaraan moet gee...* (1959: 30)

Die werk van Etienne Leroux, vanaf *Die eerste lewe van Colet* (1955) tot by *Magersfontein*, *O Magersfontein!* (1976) kan as konsekwent deurgevoerde modernisme gekarakteriseer word, alhoewel die realistiese werkwyse van die laat sewentigerjare wel in *Magersfontein!* merkbaar is. Hier beweeg hy na die historiese en politieke, terwyl sy belangstelling in die vroeër tekste lê in die

herstrukturering van die mite en in die Jungiaanse argetipes van die kollektiewe onbewuste. Die groteske, die makabere, Walpurgisnacht, vampiere, Griekse tragedie, die speurverhaal[7] - dit is die intertekste, die boustene waarop moderne realiteite gemitologiseer word. Mens lees Leroux saam met Robert Graves (*The Greek Myths*), 'n kennis van Jung se argetipes, en binne die kanon van die literêre allegorie.

Sy eerste belangrike werk, *Sewe dae by die Silbersteins*, kan gelees word as 'n modernisering en universalisering van 'n konsep in die vroeë Afrikaanse romans: die inisiasieproses. Maar dit is nie slegs die inisiasie van Henry van Eeden (vanaf Eden) tot die wêreld van hoë kapitalisme van die Welgevonden-landgoed nie; dit is ook die begin van 'n proses van individuasie, van die ontwikkeling van die individu, én van die outsider, vervreem van die maatskappy, op die rand van chaos. Lateraan verbrokkel die Silberstein-wêreld op 'n wyse wat nie veel verskil van Edgar Allan Poe se *The fall of the house of Usher* nie.

Leroux se idealistiese strukture moet nog geïntegreer word binne die apartheidsoplewing en die repressie van die sestigeren vroeë sewentigerjare, en veral binne die groei van kapitalisme. Waarom is hy so behep met die proses van individuasie? Waarom soek 'n gemeenskap 'n offerlam? Waarom verword en desintegreer Welgevonden? Kan die inisiasie tot Welgevonden eenvoudig gesien word as 'n parallel met die Afrikaner wat deel word van die moderne wêreld van Kapitaal, en daarin begelei word deur die skrywer, die uitlegger, die meturgeman, die ‘gids van drome’? Hierdie vrae kan nie ondubbelsinnig beantwoord word nie. Daar is verskeie faktore wat in ag geneem sal moet word, waaronder die reaksies op die *Silbersteins* by die mense toe dit in 1964 met die Hertzogprys bekroon is. Mens moet ook in ag neem dat Leroux bewustelik ‘letterkunde’ geproduseer het en oor ‘universele’ sake geskryf het. Dit mag uiteindelik so wees dat Leroux se vroeër tekste hoegenaamd nie gelees behoort te word as simboliese oplossings vir die teenstrydighede van die Suid-Afrikaanse sosiale formasie in die sestiger- en sewentigerjare nie. En ook nie as intervensies nie?

Die feit dat die dialektiek van die magstryd egter nie aan hom verbygegaan het nie word geïllustreer in sy parodie van 'n meesternarratief: die satire, in die realistiese tradisie, van die historiese Anglo-Boereoorlogveldslag by Magersfontein. Die roman (*Magersfontein*, *O Magersfontein!*) is 'n rekonstruksie van die

geveg (op 11 Desember 1899) waarin majoor-generaal Andrew Wauchope sy lewe verloor het, en waar die Skotse *Highland Brigade* van 4000 manskappe verslaan is deur die Boere wat - vir die eerste keer in die geskiedenis - loopgrawe gemaak het vanwaar hulle op die aanmarsjerende Skotte gevuur het. 'n Televisiespan wil graag die oomblik herskep, maar 'n onverwagte stortvloed vernietig alles. In hierdie parodie op die geskiedenis kom Leroux nader aan Suid-Afrikaanse werklikhede as wat hy in enige vroeër werk kon. En alhoewel hy nog die mite-speletjie speel - deur van 'n gebeurtenis in die geskiedenis 'n nuwe mite te maak - en hom ‘distansieer’ van die gebeurtenisse deur die parodie, is die boek nietemin in 1977 verbied. Dit is egter later van die verbod vrygestel, bekroon met die Hertzogprys - en daardeur gekanoniseer tot 'n meesternarratief.

Eksperimente met die chronologie en ruimte; eksistensieel, idealisties en universeel, en deurgaans met die klem op literêrheid, is karakteriserend van die werk van die skrywers (novelles en toneelstukke) Dolf van Niekerk en Chris Barnard. Van Niekerk se besorgdheid is die rol van die verlede en die invloed daarvan op die lewe in die hede; en dit is betekenisvol om daarop te let dat die verlede vir hom 'n negatiewe mag is wat die hede nadelig beïnvloed. En die ‘verlede’ is ook nie die geskiedenis nie, maar 'n private verlede. In die tekste waarna gekyk is, was daar nog nie veel aanduiding van 'n definitiewe filosofie of benadering tot die verlede nie. Dit lyk asof die Afrikaanse skrywer op hierdie oomblik nog onseker is oor ‘die geskiedenis’, en daar is beslis geen aanvoeling of besef van die materiële magte van die geskiedenis nie. Barnard, wat gedenkwaardige sukses gehad het met sy aanpassings van Beckett in Afrikaans (alhoewel dit nie in 'n Suid-Afrikaanse omgewing geplaas is nie), het die naaste daaraan gekom om 'n modernistiese weergawe te gee waarin Afrika en die verlede byna materiële magte word (vgl. *Mahala*, 1971). Maar in sy werk word Afrika uiteindelik 'n metafoor en universeel; Afrika is 'n wagkamer, maar waarvoor daar gewag word, is nooit helder nie. Alhoewel dit duidelik is dat hy van die materialiteit van die bos en die bosveld bewus is, is Barnard se Afrika nog dié van die kolonis - Afrika gedefinieer in terme van 'n ander wêreld.

Die mees prolifieke skrywer, mees belese kritikus en mees uitgesproke opponent van apartheid sedert die vroeë sestigerjare is André P Brink. Sy kontak met Europa (Parys 1959-1961,

en weer 1968) het sy werk in die sestigerjare, geweldig beïnvloed toe hy skynbaar onbewus was van die repressie in Suid-Afrika, of dit 'verdring' het: 'I was born on a bench in the Luxumbourg Gardens in Paris, in the early spring of 1960' (1983: 29). Nadat hy verskeie romans binne die realistiese tradisie geskryf het, was sy eerste 'moderne' werk, wat die 'hernuwing' van Sestig aangebring het, besonder Europees van aard (bewussynstroom, eksistensiële angs, die 'nuwe vrou', die literêre verwysing): *Lobola vir die lewe* (1962).

Soos Van Wyk Louw was Brink 'n apostel van vernuwing, met die drang om nuwe skryfwyses in Afrikaans te bring. Waar Leroux intertekstueel gewerk het, het Brink die tegniek van die literêre verwysing benut: 'n literêre skrywer wat uiteindelik die letterkunde binne die politiek gebring het, maar met behoud van literêrheid, en veral van die esteties selfbewuste. Hierdie selfrefleksiwiteit waardeur die aandag gedwing word na die skeppingsproses, die aksentuering van die materiaal waarmee hy werk, sal die gemene deler van sy tekste bly. Tot in die tagtigerjare sal Brink primêr 'n Skrywer wees. Na die ontdekking van die nuwe seksualiteit, eksistensialisme, Parys, die Inferno, Dante, Durrell, Camus, Henry Miller; na eksperimente met montage, veelvuldige vertellers, die bourgeois-liefdesdriehoek en die onbeskaamde beskrywing van die seksdaad; en na die skryf van toneelstukke in die Absurde idioom en in die allegorie, keer Brink uiteindelik tot die geskiedenis.

Die heldhaftige dade van die verlede word egter veridealiseer, soos in die toneelstukke oor die Slagtersnek-rebellie van 1815 (*Die verhoor* en *Die rebelle*, 1970). Vir hom is die geskiedenis hier die plek waar mens vir mitiese waarhede begin soek. Maar al wat hy werklik doen, is 'to anxiously conjure up the spirits of the past... and borrow from them names, battle cries and costumes in order to present the new scene of world history in this time-honoured disguise and this borrowed language' (Marx, 1984: 221).

Brink versaak die meeste van sy modernismes vir realisme (behalwe wat betref die verskuiwende rol van die verteller en die obsessie met skryf as betekenaar), en produseer in 1973 die eerste direkte, opposisionele politieke roman in Afrikaans, *Kennis van die aand*. Ryk aan ideologeem, die oedipale, die familieverhouding, die rol van die individu binne die gemeenskap, geskiedenis en die heroïese, is dit Brink se meesternarratief, met 'n versigtig-verwoorde skadeloosstelling aan die begin:

> *Die klimaat en geskiedenis en omstandighede waaruit hierdie verhaal voortkom*, *mag na die herkenbare werklikheid lyk*, *maar binne die nuwe konteks van die roman is dit alles fiktief*. (1973)

Die boek is in 1974 verbied; die eerste Afrikaanse boek met ‘literêre waarde’ wat gesneuwel het volgens die 1963-wetgewing.

Die verbod op die boek en Brink se waarskuwing in die voorberig het tot 'n betekenisvolle debat gelei binne die Afrikaanse literêre establishment wat betref ‘politiek’ en ‘letterkunde’ en hulle veronderstelde aparte wêrelde. Vir antagonistiese kritici was dit duidelik dat Brink die ‘heiligdom van die letterkunde’ wou misbruik om sy politieke sê te sê; maar omdat die boek dan, volgens hulle, nie geslaag het as literêre teks nie, kon dit verbied word! Buiten die absurditeit van die argument, kan die teenoorgestelde dan ook geldig wees: dat daar 'n ‘tekstuele’ beskerming is, die ‘literêre’, waarteen die hegemonie nie kan optree nie. Dit wys op 'n belangrike kultureel-ideologiese ‘prestasie’ wat die Afrikaanse skrywer bereik het: letterkunde (en kuns) besit 'n soewereine, onafhanklike, en onaanraakbare status; en dit sal dan ook kan verduidelik waarom literêrheid, die bewuste gebruikmaking van literêre tegnieke, tot dusver deel was van selfs die mees politieke Afrikaanse prosa. Dit gebeur dan ook dikwels - en selfs Brink kan nie altyd daarvan kwytgeskeld word nie - dat die politieke realiteit, selfs gruweldade, eksploiteer word ter wille van die literêre.

Kennis se verhaal word vertel deur 'n ‘gekleurde’ sentrale karakter, en dit begin by die lyding van en diskriminasie teen sy familie. Lateraan gaan dit oor sy lewe as akteur en sy liefdesverhouding met 'n wit vrou. Die tradisionele kritiek het gevoel: ‘As karakter is hy - wat kragtens die leed en onreg teenoor sy voorgeslagte by uitstek “uitverkies” is om 'n prototipe te word - nie by magte om die maatskaplike nood van sy groep te dra nie’ (Kannemeyer, 1983: 410). Dit sou kon wys op sekere stiltes in die tekste van moderne Afrikaanse skrywers: hulle mag die vermoë besit om swart karakters te skep, maar hulle kan nie 'n deur klas onderdrukte karakter skep nie, omdat hulle nog nie diskriminasie teen kleur gesien het as deel van klas en klassekonflik nie. Die dieper betekenis van klas, eerder as kleur, bly nog onaangeraak in die bourgeois-prosa van die sewentigerjare. 'n Moontlike rede vir hierdie tekort aan 'n historiese bewussyn kan toegeskryf word aan die feit dat alternatiewe persepsies oor die sosiale formasie, soos veral die Marxistiese, vir 'n lang tyd verbied is in

Suid-Afrika; en dit was werklik eers sedert die begin van die tagtigerjare dat 'n diskoers oor hierdie sake by intellektuele begin het.[8]

Alhoewel die roman die hoof-prosagenre by die Sestigers was, het die kortverhaal in dié tyd tot 'n spesifieke kunsvorm ontwikkel, veral in die werk van Abraham H de Vries (1937) en Hennie Aucamp (1934), waarin die struktuur van die narratief en die subtiliteite van understatement verfyn is. Ook in die toneelstukke van Bartho Smit is daar 'n besorgdheid oor struktuur, sowel as 'n besliste historiese bewustheid van die Suid-Afrikaanse situasie.

Die Sestiger wat nooit permanent teruggekeer het na Suid-Afrika nie (buiten 'n paar vlugtige besoeke en gevangenisverblyf van sewe jaar vir ‘terrorisme’) het die mees noemenswaardige poësie van die tyd geskryf - maar nooit werklik binne enige Afrikaanse literêre tradisie ingepas nie. Toe Breyten Breytenbach in 1960 die land verlaat het, het sy skryfwerk deel van sy nuwe milieu geword: Parys met sy artistieke, literêre en ander kulturele kontekste. Breyten se poësie het gebreek met die tradisie in die kritiek van die outonome gedig wat geen sinvolle biografiese of sosiale verbintenis met die produseerder daarvan kan hê nie; of van die digter as die skepper wat apart staan, en van die noukeurig gestruktureerde Opperman-tipe gedig. Sy gedurige politieke betrokkenheid - wat sou lei tot sy fisieke opofferings - het ook die tradisie verbreek van die skrywer as revolusionêr slegs in sy/haar skryfwerk. Hy het vir 'n tyd opgehou skryf en op sy manier betrokke geraak by die bevrydingstryd. In die gevangenis het hy weer geskryf maar nie veel oor politieke sake nie; meestal bespiegelend oor die wyse van produksie van 'n teks, en oor die vraag of skryf enige funksie het binne 'n onderdrukkende stelsel.

Breyten se verse kan nie as populêre poësie beskou word nie: dit is poësie oor poësie, en selfs wanneer hy direkte politieke tekste skryf kom die gedig tussenbeide as betekenaar, en dwing die leser om bewus te wees van die woorde, metafore, beskrywings (dikwels deur die oog van 'n skilder) en innovasies. J Hillis Miller se kommentaar oor Shelley se poësie is ook toepaslik op dié van Breyten:

> *The language which tries to efface itself as language to give way to an unmediated union beyond language is itself the barrier which remains as the woe of an inneffaceable trace*. (1979: 246)

Sy veroordeling van die Suid-Afrikaanse apartheidstaat het nietemin in die geval van enkele politieke gedigte woorde binne 'n meer konvensionele betekenaar-betekende-verhouding gedwing; en hierdie gedigte is waarskynlik die mees gedenkwaardige dokumente van politieke protes in die Afrikaanse skryfkuns. Dit sluit in: ‘Bruin reisbrief’, ‘Nie met die pen nie maar met die masjiengeweer’, ‘Please don't feed the animals’, ‘Die beloofde land’, ‘Die lewe in die grond’, ‘Brief uit die vreemde aan slagter’ (opgedra aan premier John Vorster, by geleentheid van die vele sterftes van mense in aanhouding), en ‘Vlerkbrand’ met dié morbiede apokaliptiese beelde:

> *wanneer jy dink aan jou land*
> *sien jy*
> *vlegsels en 'n bril*; *'n ou hond vol bloed*;
> *en 'n perd versuip in die rivier*; *'n berg met vuur*;
> *'n ruimte met twee mense sonder tande in die bed*;
> *donker vyge teen die sand*; *'n pad*, *populiere*,
> *huis*, *blou*, *wolkskepe*;
> *riete*; *'n telefoon*;
> *sien jy* (1972: 30)

Teen die tyd van die meesternarratiewe van Louw, Joubert, Leroux en Brink, met die bewustheid daarin van mag, die heroïese, die legendariese, en met hulle geskiedenis van familieverhoudings; teen dié tyd waarin die politieke repressie besig was om op te bou tot die krisis van 1976, was daar ook 'n ander soort narratief. Veral in sy novelles *Na die geliefde land* (1972) en *Om te sterwe* (1976) het Karel Schoeman (1939) apokaliptiese scenarios gebring vir die wit mense in Suid-Afrika. Albei is geskryf binne die ideologiese kodes van die plaasroman, in die realistiese werkwyse en oor familieverhoudings, die rol van die natuur, bediendes en kulturele gebeurtenisse.

In *Om te sterwe* (polities die voorloper van *Na die geliefde land* alhoewel dit daarna verskyn het) is daar skermutselings op die grens, bediendes wat van die plase verwyder word, en een van die seuns van 'n boer wat - opvallend deur sy afwesigheid in die roman - veg aan die kant van 'n ongeïdentifiseerde ‘hulle’. Uiteindelik desintegreer die idille. Alhoewel daar 'n vermoede in die teks kan wees dat die kontradiksies in die klasseverhouding tussen eienaar en werker die oorsaak van die vernietiging van die idille is, is die uitvoering vaag en idealisties, waardeur 'n rekonsiliasie met 'n materialistiese siening van die realiteit

onmoontlik is. Die agrariese gemeenskap in *Na die geliefde land* het klaarblyklik sy vorige staat van grasie, welvaart en mag verloor as gevolg van die een of ander soort ‘revolusie’, en die mense bestaan nou soos daardie bywoners in die eerste Afrikaanse plaasromans van skrywers soos Van Bruggen. Alhoewel hierdie roman baie populêr geword het - ook in Engels - kan die stiltes en onbeslistheid daarvan neerkom op 'n ontkenning van die geskiedenis. Dit het 'n sterk suggestie van klas, maar as gevolg van die konvensionele siening van die geskiedenis, die verheffing van die idealistiese bo die materialistiese, en die skynbare bevoorregting van die individu, is dit moontlik om te konkludeer dat die milieu in die teks eintlik glad nie post-revolusionêr is nie; en as 'n teks vir die toekoms sou mens dit waarskynlik moet lees as 'n negatiewe scenario betreffende verandering in Suid-Afrika. En daarom kontra-revolusionêr? Die noodsaaklikheid daarvan om 'n teks te lees binne 'n letterkunde en binne 'n sosio-politieke konteks, binne die interpellasieveld daarvan (Althusser, 1977: 163), word goed geïllustreer in die geval van *Na die geliefde land*. Die afwesighede en stiltes van hierdie teks - dit is, die materiële feite van die politieke interregnum en die literêre, selfs stilistiese, tradisie van die idille in Afrikaans - is noodsaaklike kennis vir 'n volle begrip van die teks. Maar wanneer hierdie feite geïnterpelleer word mag dit so wees dat Schoeman se stiltes ook ontduikings is.

Eindnoten:

5. Veral van belang is sy bundel essays, *Vernuwing in die prosa*, grepe uit ons Afrikaanse ervaring (Human & Rousseau, Kaapstad, 1961)
6. ‘Realistiese kuns op pad na die eksperimentele’, Kannemeyer, 2, 1983: 307.
7. *Een vir Azaze*l (Human & Rousseau, Kaapstad, 1964).
8 Vgl. J J Degenaar, ‘Ideologie, vervreemding en woordkuns’, *Standpunte* 34: 1, 1983. (Parow, Nasionale Boekhandel).

Ná 1976

Stephen Clingman se kommentaar oor Nadine Gordimer se *July's People* (1981) kan net sowel van toepassing wees op Schoeman se *Na die geliefde land*: ‘the novel, arrived at a dead-end of history, searches for the only way out’ (1986: 193). Terwyl Schoeman, Gordimer en in 'n sekere mate ook John Miles (1938) in hierdie tyd stroef begin vooruitkyk, was dit Gordimer wat die tyd 'n naam gegee het: die interregnum. Die motto van *July's People* kom van Antonio Gramsci. Dit lees: ‘The crisis consists precisely in the fact that the old is dying and the new cannot be born; in this interregnum a great variety of morbid symptoms appear’ (1978: 276).

Die verskeie krississe - rondom 1922, 1948, 1961, 1976 - kan nou al ontwikkel het tot 'n oorgang tussen twee sosiale formasies. Daar is skynbaar aanvaarding vir die feit dat 1976 'n waterskeiding was (Swilling, 1987: 408), en dat die heersklas besig was om konsensus te verloor: ‘...it is no longer leading but only dominant, exercising coercive force alone’ (Gramsci, 1978:275-276); alhoewel 'n revolusionêre skeur onwaarskynlik is: ‘For a revolutionary rupture to occur the security forces need to collapse, the state's social base must disintegrate and reformist attempts to reconstitute the goals of structural change must be an unmitigated failure’ (Swilling, 1987: 426).

Waar mens in die geval van vorige krisisse kon redeneer dat die opposisiemagte op die terrein van die konjunkturele georganiseer het, daar sal mens nou miskien moet herdefinieer - weer vanuit die Gramsciaanse analise: ‘A common error in historicopolitical analysis consists in an inability to find the correct rela-

tion between what is organic and what is conjunctural... The distinction between organic “movements” and facts and “conjunctural” or occasional ones must be applied to all types of situation’ (1978: 178). En met spesifieke verwysing na die post-Soweto-situasie: ‘Of course, the impact of Soweto was much broader, deepening the economic crisis into organic crisis and indicating to some sectors of capital that the system's very existence was in jeopardy’ (Saul en Gelb, 1981: 24).

Ontnugtering met apartheid, 'n meer ‘organiese’ opposisie, sowel as 'n afname in die ekonomiese oplewing kan gedeeltelik in verband gebring word met barste in die Afrikanerhegemonie. In 1982 praat die koerant *Rapport* oor Afrikaneridentiteit en wat dit kan beteken, en terselfdertyd is die FAK en die ASB gepreokkupeer met kwessies rondom identiteit. In 1985 word studente van die Universiteit van Stellenbosch verbied om die ANC-jeugliga in Lusaka te ontmoet. Die Vryheidshandves word nou openlik in Afrikaans beskikbaar (Olivier, 1985:96-99). In 1986 neem die regse Konserwatiewe Party oor as die amptelike opposisie in die parlement, en vervang daarmee die redelik liberale verset van die PFP; en in 1987 ‘sluip’ 'n groepie ‘liberale’ en ‘radikale’ Afrikaners uit Suid-Afrika om met uitvoerende persone van die ANC in Dakar te gesels.

Aan die kant van die strydende opposisie is dit nodig om kennis te neem van die stygende radikalisering van swartmense na die verkryging van onafhanklikheid in Mosambiek en Angola (in 1975). Hierdie groeiende radikalisasie kan ook gekoppel word aan die wettiging van vakbonde (1979), die verskyning van gemeenskapsorganisasies in Port Elizabeth, Soweto en Kaapstad, die opkoms van radikale studente-organisasies aan die begin van die tagtigerjare, en die lansering van die UDF (1983). Meidag-eise is in Mei 1985 deur politieke organisasies en vakbonde geformuleer (Swilling, 1987: 409), en die Vryheidshandves het heelwat openbare aandag begin kry. Op die kulturele terrein is daar 'n herverskyning van swart letterkunde vanaf die begin van die sewentigerjare. In 1973 het Nadine Gordimer, byvoorbeeld, gesê:

> *Three individual collections (of poetry) have been published within eighteen months. I know of at least two more that are to come this year. An anthology representative of the work of eleven poets has recently been compiled. Poems signed with as yet unknown names crop up in the little magazines: there are readings at universities and in private houses*. (1973: 1)

Dit is ook van besondere belang om daarop te let dat die apartheidstaat besig was om sy taal te wysig, besig was om hom te verdedig in 'n nuwe taal van legitimasie, maar nog van dominasie. Daar was 'n neiging om weg te beweeg van ‘ideologie’ as 'n bewuste konsep; ortodokse apartheidsideologie word gediskrediteer, en daar is 'n begin van deurlopende konsultasie met die sakegemeenskap (Marks en Trapido, 1987: 427). Nuwe slagspreuke word gesirkuleer: ‘apartheid is dood’, ‘konstitusionele hervorming’, ‘vrye onderneming’, ‘totale aanslag’, ‘totale strategie’.

Maar die mees betekenisvolle ontwikkeling - wat 'n konflikterrein geword het in die Afrikaanse prosa-literatuur (die ‘literêre’ sowel as die ‘populêre’) van die tagtigerjare - is die groei van militêre mag, militarisasie, en 'n vervaging van die grense tussen die siviele en die militêre. Dit het gelei tot die skepping van wat genoem kan word 'n ‘besette staat’. 'n Liaison tussen die militêre en kapitaal het ontwikkel, en die militêr het nou ook die voorvegter en bewaker van kapitalisme geword. Die konsep ‘totale strategie’ is 'n teenrevolusionêre strategie, volgens studente van militarisasie soos Frankel: ‘First, and above all, South Africa's total strategy is an instrument of counter-revolution designed by the political and security apparatus of a beleaguered racial elite...’ (1984: 62). Uiteindelik beteken dit dat 'n nuwe vorm van instemming, veral tussen witmense, 'n nuwe hegemonie, ontstaan het:

> *Total strategy*, *and its related concepts of total onslaught and total involvement*, *is basically part of an exercise to construct a language of images with which the military and its small but influential group of civil sympathizers can communicate with the remainder of the elite on a persuasive basis*. (1984: 135)

Op literêre gebied bied die prosatekste van hierdie tyd die mees direkte pogings om die kontradiksies wat met repressie verband hou, te identifiseer. Dit sluit in kapitalisme (alhoewel geen skrywer dit onomwonde as oorsaak van konflik kan uitwys nie), en militarisasie. In dié verband moet die volgende skrywers beskou word: Wilma Stockenström, André P Brink, Karel Schoeman, Elsa Joubert, John Miles, Etienne van Heerden, Alexander Strachan en Koos Prinsloo.

Die poësie is gesofistikeerd en hoogs kompetent, maar steeds binne die gevestigde estetiese en monologiese tradisie, en sonder besondere bewustheid van die interregnum, behalwe in die geval van Antjie Krog, en in party gedigte van Breytenbach (wat

uit die gevangenis vrygelaat is in 1982, waar hy baie poësie geskryf het, meestal in die tradisie van die Zen-boeddhisme).

Die roman *Uitdraai* (1976), Wilma Stockenström se eerste prosaproduksie, is geskryf binne die tradisie van die plaasroman, maar met 'n kontemporêre bewustheid van ras. Die hoofkarakter is swanger, en die man wat die vader sou kon wees kan van 'n rasgemengde agtergrond kom. 'n Sentrale gebeurtenis is die aborsie wat haar bevry om binne haar eie ras te kan trou. 'n Onlangse, noukeurige dialekties-materialistiese herlees van hierdie teks gee veel meer betekenis daaraan as vorige analises: '...die pleeg van die aborsie (kan) (gelees) word as die herstel van die magsbasis van die Afrikaner. Die aborsie sorg dat Cornelia 'n Afrikanervrou bly, of andersom, dat die Afrikanergroep beheer oor haar as produksiemiddel behou en verseker dus dat een van die hoekstene waarop die huidige sosiale formasie gereproduseer word, ongeskonde bly.' (John, 1988:138-139). Maar die teks bevat ook onopgeloste kontradiksies en ontduikings: anders sou dit 'n radikale analise kon wees van die heersersklas en die strategie waarvolgens hy die mag behou. Of dit kan die uitdraai van die skroef wees wat die heerser se strukture inmekaar kan laat tuimel. Terselfdertyd sou dit egter ook gelees kon word as antagonisties teenoor die belange van die werkersklas.

Die komplekse kort teks *Die Kremetartekspedisie* (1981) handel oor 'n ekspedisie in die tyd van slawerny na 'n verlore stad, om buit te vind, om besittings te akkumuleer. Maar dit eindig op 'n inversie, met die verteller in 'n kremetartboom - 'n ondersteboboom - en sonder besittings. Terwyl dit die verhaal van 'n slavin vertel - en dit sou 'n aanklag teen kapitalisme kon wees - is dit ook 'n postmodernistiese verhaal oor 'n teks, oor skryf, *écriture*. Die skrif is uiteindelik al wat oorbly. Hierdie teks is die komplekse fusie van novelle en poësie, en oor die woord in sy verhouding van betekenaar tot betekende, maar ook as betekenaar van betekenaar.

Soweto 1976, Bram Fischer van die SAKP, Afrikaner-kapitalisme en die Afrikaner-tycoon is die onderling-verbonde prikkels tot Brink se *Gerugte van reën* (1978). Gedurende beroerde tye in sy land soek die sentrale karakter, 'n ryk mynmagnaat, in sy verlede na sy identiteit - slegs om tot die besef te kom dat hy kontak verloor het met toekomstige Suid-Afrikaanse realiteite, soos aan hom verduidelik word deur sy vriend, 'n kommunis. Die tycoon se seun word die draer van die toekoms. Dit is die

eerste roman in Afrikaans oor kapitalisme en revolusie; maar die konflikterende magte is slegs die agtergrond tot karakters wat eintlik tipes is. Hier het Brink die elemente geskep vir 'n historiesmaterialistiese intervensie binne die Afrikaanse roman; maar omdat daar nie genoeg bewustheid van ideologie was nie, van die ideologie waaruit hy self skryf, kon dit nie gebeur nie.

Sterfgevalle in aanhouding - soos dié van Steve Biko in 1977 - was die aansporing tot Brink se *'n Droë wit seisoen* (1979), wat nie deur 'n establishment-Afrikaanse uitgewer uitgegee kon word nie. 'n Wit Afrikaner-onderwyser bots met die veiligheidspolisie wanneer twee swart mense wat hy ken op geheimsinnige wyse in aanhouding sterf. Hy raak betrokke by die 'politiek', besef dat hy Afrikanerwaardes sal moet opoffer, en word uiteindelik 'uitgewis'. Dit is nogal van ideologiese belang dat die verhaal deur 'n middeljarige skrywer van populêre fiksie, die verhaalredakteur van 'n vroue-tydskrif, vertel word. Die teks is selfbewus en wys al die tekens van sy strukturering; 'n strategie wat vanselfsprekend 'n dubbele doel het: om ook die gevoel van outentisiteit te gee. Sodat dit wat aan die einde gesê word, die waarheid van die teks kan bevestig: 'Miskien is die meeste waarop mens mag hoop, die meeste wat ek my mag aanmatig, presies net dit: om op te teken. Net om verslag te lewer.' (1979: 261) Maar uiteindelik is dit die waarheid: hierdie teks is 'n roman, geskryf binne die gekanoniseerde literêre. Die vraag sou dan gevra kon word: wat is die belangrikste, die sterftes in aanhouding of die roman? Die selfgesentreerdheid van die teks bly 'n preokkupasie van die Afrikaanse skrywer, terwyl dit by tydgenootlike swart prosaskrywers wat oor soortgelyke sake skryf, nie die geval is nie, vgl. die relevante tekste van Mongane Wally Serote, Sipho Sepamla, Mtutuzeli Matshoba. Met *Houd-den-Bek* (1982) produseer Brink sy tweede meesternarratief, en nie geheel en al anders as *Kennis van die aand* nie. Soos in *Kennis* ontstaan die wit-swart-apartheidsverhouding histories deur die meesterslaaf-verhouding, wat 'n klasseverhouding is. Dié roman - vertel deur dertig vertellers, of gesigspunte - is gebaseer op 'n historiese gebeurtenis, die slawe-opstand van 1825. Dit is die verhaal van die rebellie van slawe teen hulle meesters, en deur die multi-narratiewe struktuur is dit 'n getuienis van diskriminasie en wreedheid. Dit is die historiese werklikheid wat die roman ondubbelsinnig oordra; maar uiteindelik sou mens wou vra: waarom bereik nòg slaaf nòg meester binne 'n Hegeliaanse

dialektiek selfbewussyn? Is dit as gevolg van strukturele, of ideologiese, blokkades?

Besorgdheid oor die teks en die literêre beklemtoon die sonderlingheid en die ‘rol’ van die skrywer in sy/haar maatskappy; en sedert Van Wyk Louw is die skrywer primêr ook intellektueel. Die literêre produk is derhalwe ook die produk van 'n intellektueel. Deur die intellek wil die Afrikaanse skrywer interpreteer, reflekteer, teenstrydighede oplos; maar as Afrikaner is hy/sy deel van die Afrikanerdom en van die apartheidsorde en die ‘nuwe’ kapitalisme, of hulle dit wil of nie. In 'n studie van die situasie van die Afrikaanse skrywer/intellektueel in die laat sewentigerjare skryf Hein Willemse oor Brink se gebruik van die konsep: ‘*'n Droë wit seisoen* is 'n blik op die organiese intellektueel...'n intellektueel wat rigting wil aandui vir die toekoms en keer op keer sy belang by Afrikanerskap herbevestig’ (1985: 7).

Die posisie van die tradisionele intellektueel (in Gramsci se welbekende terminologie) is onderwerp vir Karel Schoeman se roman *Die hemeltuin* (1979), waarin 'n ouerige Afrikaner-akademikus herinneringe koester oor 'n vakansie veertig jaar gelede op 'n ryk en grasievolle Engelse landgoed, met sy Viktoriaanse waardes, terwyl die Tweede Wêreldoorlog besig was om daardie soort gemeenskap te bedreig. Vanuit sy Suid-Afrikaanse werklikheid word min gesê oor sosiale ontwrigtings. Waar Brink se onderwyser na aan die organiese intellektueel gekom het, is die hoofkarakter hier 'n vervreemde en wil hy aan die buitekant staan: ‘Ek wil my terugtrek en hoop dat die storms my sal ontsien - ek weet nie wat anders mens kan doen nie’ (1979: 19). Hierdie kondisie word goed beskryf deur 'n Afrikaanse politieke wetenskaplike:

> *By gebrek aan identifiseerbare alternatiewe*, *sal die groot versoeking vir sulke vervreemde Afrikaner-intellektuele wees om hulle van die politieke slagvelde te onttrek op soek na 'n innerlike en apolitieke domein van suiwer en/of kulturele belange*. (Du Toit, 1983: 7)

Dit is ongetwyfeld die situasie van die meeste Afrikaanse digters en kritici van die sewentiger- en tagtigerjare. Willemse vergelyk Brink en Schoeman as volg:

> Die hemeltuin *staan soos die romans van Brink en Coetzee in die teken van soeke na oplossings in die huidige Suid-Afrikaanse tydsgewrig. Die herinnering aan 'n eens paradyslike orde word passief beleef en die intellektueel se belewing van sy hede lei tot geen daadwerklike optrede nie*, *maar veel eerder onthouding. Maar ont-*

> *houding is 'n duidelike politieke keuse. Hier nie oorlewing van die groep, maar wel van die individu*. (1985: 9)

John Miles se hoofkarakter in *Blaaskans* (1983) - die eerste roman wat die militêre en militarisasie as basiese 'premisse' gebruik[9] - is ook 'n onderwyser, soos in Brink se *Seisoen*, en ook 'n intellektueel, soos in Schoeman se *Hemeltuin*. Maar hy gaan veel verder as in daardie vroeër tekste: hy blaas 'n militêre basis op nadat hy gepolitiseerd geraak het. In hierdie teks word militarisasie gedefinieer as die noodtoestand waarin mans opgeroep word, mense se privaatheid vernietig word, ander se ruimte platgestoot word (stootskrapers is ideologiese tekens); daar is 'n gelykmaking, 'n sigbare verwydering van alle tekens van politieke protes en 'n repressie van weerstand, of dit van links of van regs kom. In terme van die politiek van instemming is Miles se teks 'n diskoers oor die verlies van die hegemonie en die eskalasie van repressie.

Vanaf die begin van die roman is die hoofkarakter gedurig besig om, doelbewus, met sy omgewing te identifiseer. Dan begin hy identifiseer met die materiële bestaansomstandighede van mense, soos deur hulle sosio-politieke realiteite gedetermineer, veral hulle wat woon in die 'onafhanklike tuislande'. Hy probeer ook vasstel watter handelinge by implikasie kon plaasgevind het voor die teks bestaan het; handelinge wat nou van die teks 'n historiese dokument gemaak het. Dit bring mens dan by die Geskiedenis, en die waarde daarvan as herinnering. Op verskeie plekke is daar siniese verwysings na die Geskiedenis: Geskiedenis is die Groot Doel, die toekoms word deur die verlede bepaal, die mag van die verlede kan nooit vergeet word nie, die Afrikaner kan sy geskiedenis nie vergeet nie. Maar die teks wys dat geskiedenis niks meer is as gebrekkige verbeelding nie - daarom moet dit altyd opnuut herinterpreteer word. 'n Herinterpretasie van die Slagtersnekrebellie, waarop deel van die teks gebaseer is, lei die hoofkarakter tot dié slotsom: 'Mense wat sinvolle patrone in die geskiedenis kry, kom noodwendig by terugskouing daarby uit, jy kan nie vooraf weet hoe die geskiedenis gaan lyk nie' (1983: 249) In terme van die historiese materialisme sou mens in die versoeking gestel word om te sê: die materiële bestaansomstandighede in die hede bepaal hoe die verlede gelees word.

Miles se teks is in 'n groot mate 'n omsetting van die Slagtersnekgeskiedenis. 'n Mens sou kon vra: is dit 'n gewaarwording

van die materiële situasie van ander wat veroorsaak het dat 'n moderne, wit, Afrikaanse skrywer sy geskiedenis negatief sou herinterpreteer? Of is dit 'n poging tot die ont-idealisering van die Afrikaner se geskiedenis en sy verlede?

Blaaskans sou miskien ook beskou kon word as een van die meesternarratiewe: dit besit die historiese basis, elemente van die legendariese, die heroïese, en die besorgdheid met tekstualiteit. Alles is egter omgekeer, en hierdie teks sou 'n herinterpretasie, selfs 'herroeping', van daardie soort narratief kon aandui, wat aansluit by die groeiende onsekerheid tussen Afrikanerintellektuele oor apartheid, nasionalisme, selfs kapitalisme - as dit nie vir die feit was dat die weerstand van hierdie teks teen militêre mag nie sterk genoeg deur later skrywers deurgevoer is nie; en die ou soort meesternarratief kom weer voor met Etienne van Heerden se *Toorberg* (1986). Wat van hierdie literêre modus gaan word, sal om ideologiese redes veral boeiend wees om waar te neem.

Terwyl Brink, Miles en die skrywers na hulle volhard het in die skryf van 'n tekstueel-bewuste, hoogs gestileerde, maar hoofsaaklik realistiese literêre wyse, is Elsa Joubert se 'grensroman' *Die laaste Sondag* (1983) simbolies, selfs allegories. Sy vertel van 'n grensgemeenskap, hulle simbole, hulle vertoiingde kultuur, hulle haat en hulle bose wraakgedagtes. Plekhanov se woorde weerklink helder in 'n toepassing op haar teks:

> *The history of literature shows that man has always used one or other of these means (symbolism or realism) to transcend a particular reality. He employs the first (i.e. symbols) when he is unable to grasp the meaning of that particular reality*, *or when he cannot accept the condition to which the development of that reality leads. He resorts to symbols when he cannot solve the difficult*, *sometimes insoluble problems*. (Jameson, 1971: 337)

Regdeur sy geskiedenis was die Afrikaner aan die een of ander grens, of was hy aan die grense vasstel, besig om mense te verdeel. Grense, die apokaliptiese en militarisasie het deel geword van Afrikanerprosaliteratuur sedert die sewentigerjare.

'n Onlangse ontwikkeling is die prosateks geskryf 'van binne', waar die soldaat die verteller is, en waar die outeur 'n soldaat is. Een so 'n outeur het gesê:

> *Waar vorige skrywersgenerasies* intellektuêel *met sosiale en politieke vraagstukke geworstel het*, beleef *die jonger skrywer die bestel aan die lyf in die sin dat almal verplig is tot militêre diens*. (*Rapport*, 1986: 15)

Twee divergerende maar ook soortgelyke tekste ‘van binne’ is *'n Wêreld sonder grense* (1984) deur Alexander Strachan en *Om te awol* (1984) deur Etienne van Heerden. Die een gaan oor die aard van veg, die ander oor dié van vlug; maar albei het een ding gemeen: ‘Ek is moeg vir oorlog’ (*Grense*, 1984: 48) en ‘Ek het genoeg gehad’ (*Awol*, 1984: 22). Die alternatiewe is: veg en word deel van 'n strydlustige familiestruktuur, of vlug en vlug uiteindelik van alles.

Die keuse wat Strachan maak, is die mees skrikwekkende, maar die een naaste aan die Suid-Afrikaanse realiteit. Sy teks, 'n opeenvolging van verbandhoudende kortverhale, bring die ideologie van stryd na vore. Dit vertel van 'n jong man wat sy tuiste op 'n Suid-Afrikaanse plaas verlaat om by die recces aan te sluit en uiteindelik Swapo-guerillas te vermink. Hy raak vervreem van die siviele lewe, sy verhouding met vroue raak versteur, en uiteindelik moet hy 'n vriend om die lewe bring om beheer oor te neem van 'n groep Suid-Afrikaanse soldate wat die SAW uitdagend verontagsaam. Die laaste episode kan gelees word as 'n simboliese, oedipale tranformasie wanneer hy herenig word met 'n nuwe familie, die militêre. 'n Navorser van 'n onlangse studie van hierdie teks kom tot die slotsom:

> *This narrative*, *produced under capitalism*, *ends up refusing the contradictions inherent in its own social formation. It then uses the patriarchal slipway to move the ideological space into the feudal mode of production. It is in this sense that* 'n Wêreld sonder grense *is 'n reactionary text*. (Munnik, 1987: 64)

Militêre en polisiegeweld, groter verdrukking, sensuur op die media, 'n ongesonde ekonomie, die verlenging van die noodtoestand is die krisis van die laat tagtigerjare in Suid-Afrika. Waar staan Afrikaans, as 'n terrein van stryd, in hierdie beroerde tye; en wat sal word van die Afrikaanse letterkunde as dit 'n letterkunde bly, geskryf vanuit 'n bankrot tradisie, hoofsaaklik deur wit intellektuele vir wit intellektuele, 'n aparte letterkunde? 'n Antwoord lê moontlik in 'n kortverhaal van Koos Prinsloo[10.] waarin Afrikaans, en veral waarvoor dit staan, bedreig word deur die geskiedenis, waarin die geskiedenis van die witterige Afrikaanssprekende pioniers en koloniseerders van die suidelike deel van Afrika gesien kan word as 'n bedreiging vir skryf as gevolg van ideologiese aanpaksels.

Daar is tekens dat Afrikaner-intellektuele ernstig oor die verlede nadink en die weë vir die toekoms heroorweeg. Afrikaanse

skrywers se ontmoeting met uitgeweke skrywers van die ANC in Julie 1989 by die Victoria-waterval kan geïnterpreteer word as die begin van 'n afsplitsing van die hegemonie. Hierdie besluite uit die gesamentlike persverklaring ná die konferensie is histories betekenisvol:

> *Die konferensie het ons wedersydse begrip verryk. Die konferensie het hom daartoe verbind om te werk vir 'n verenigde, nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese Suid-Afrika...*
> *...Ons het ons verbind tot die verwesenliking van die droom van 'n werklik verteenwoordigende SA literatuur. Hierdie nasionale literatuur sal 'n gemeenskaplike SA kulturele identiteit beliggaam wat uniek sal wees ten opsigte van sy ryk bronne, uitingsvorme en taalverskeidenheid. 'n Afrikaans bevry van sy rasse-konnotasies sal op 'n natuurlike wyse sy plek in so 'n literatuur inneem.*

Die Afrikaner-skrywers van prosa en poësie wat hulle onvoorwaardelik vereenselwig het met hierdie verklaring - Breyten Breytenbach, André P Brink, Jeanette Ferreira, Jeanne Goosen, Ryk Hattingh, Antjie Krog, André le Roux, John Miles, Victor Munnik, Welma Odendaal, Fanie Olivier, Hans Pienaar, Koos Prinsloo, Etienne van Heerden, Lettie Viljoen, Johan van Wyk - het klaarblyklik besluit om te kies vir 'n ander Suid-Afrika.

Eindnoten:

9. Taurus, Johannesburg. Die volgende prosatekste het die militêre en/of militarisasie behandel of gebruik as agtergrond of tema of basis van kontradiksie. Hulle word meestal genoem ‘grenstekste’:
   J C Steyn, *Op pad na die grens* (Tafelberg, 1976)
   Welma Odendaal, *Keerkring* (Perskor, 1977)
   P J Haasbroek, *Heupvuur*, (Human en Rousseau, 1974)
   P J Haasbroek, *Roofvis*, (Human en Rousseau, 1975)
   Dan Roodt, *Sonneskyn en Chevrolet* (Taurus, 1980)
   George Weideman, *Tuin van klip en vuur* (Tafelberg, 1983)
   Etienne van Heerden, *My Kubaan* (Tafelberg, 1984)
   Louis Kruger, *'n Basis oorkant die grens* (Tafelberg, 1984).
   Koos Prinsloo, *Die hemel help ons* (Taurus, 1987).
   Victor Munnik, *Oog van die Nyl* (Taurus, 1987).
   Hans Pienaar, *Die lewe ondergronds* (Taurus, 1987).
   Hans Pienaar (red.), *Forces' Favourites* (Taurus, 1987).

10. *Jonkmanskas* (Tafelberg, 1982). Die verhaal ‘Jonkmanskas’.

Bibliografie

Ursula Barnett, *A vision of order* (Sinclair Browne, London, 1983).

Walter Benjamin, ‘Theses on the Philosophy of History’ in *Illuminations* (Jonathan Cape, London, 1982).

Peter Blum, ‘Nuus uit die Binneland’, *Steenbok tot Poolsee* (Nasionale Boekhandel: Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1956).

Bertolt Brecht, *Aesthetics and Politics* (NLB, London, 1977).

Breyten Breytenbach, *Skryt*, om 'n sinkende skip blou te verf, Verse en aantekeninge (Meulenhoff Nederland, Poetry International, 1972).

André P Brink, *Kennis van die aand* (Buren, Kaapstad, 1973).

André P Brink, *'n Droë wit seisoen* (Taurus, Emmarentia, 1979).

André P Brink, ‘Introduction: a Background to Dissidence’, *Mapmakers*, *Writing in a State of Siege* (Faber en Faber, London, Boston, 1983).

Stephen R Clingman, *The novels of Nadine Gordimer*, History from the inside (Ravan, Johannesburg, 1986).

William C Dowling, *Jameson*, *Althusser, Marx* (Methuen, London, 1984).

André du Toit, *Die sondes van die vaders* (Rubicon, Kaapstad, 1983).

Phillip H Frankel, *Pretoria's Praetorians*, *Civil-military relations in South Africa* (Cambridge University Press, London, 1984).

G J Gerwel, *Literatuur en apartheid* (Kampen, Genadendal, 1983).

Nadine Gordimer & Christopher Heywood (red.), *Aspects of South African Literature* (Heinemann, London, 1976).

Nadine Gordimer, *The Black Interpreters* (Spro-Cas Ravan, Johannesburg, 1973).

Antonio Gramsci, *Selections from Prison Notebooks*, geredigeer en vertaal deur Quintin Hoare en Geoffrey Nowell Smith (Lawrence en Wishart, London, 1978).

A P Grové, 'Die Afrikaanse prosa - diagnose en voorskrif?' in *Oordeel en vooroordeel*, letterkundige opstelle en kritiek (Nasou, Kaapstad, 1958).

Isabel Hofmeyr, 'Building a nation from words: Afrikaans language, literature and ethnic identity, 1902-1924' in *The Politics of Race*, *Class and Nationalism in twentieth century South Africa*, redakteurs Shula Marks and Stanley Trapido (Longmans, Harlow, New York, 1987).

Fredric Jameson, *The Political Unconscious* (Methuen, London, 1981).

Fredric Jameson, *Marxism and Form* (Princeton, New Jersey, 1971).

Frederick Johnstone, '"Most painful to our hearts": South Africa through the eyes of the new school'. *Revue canadienne des études africaines*, Vol 16, 1, 1982.

J C Kannemeyer, *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*, 1 en 2 (Academica, Pretoria en Kaapstad, 1978 en 1983).

Thomas Karis & Gwendolin M Carter (red.), *From Protest to Challenge: a documentary history of South Africa*, 1882-1964. Vol. 1 (Stanford, California, Hoover Institute Press, 1973).

N P van Wyk Louw, *Tristia*, en ander verse, voorspele en vlugte, 1950-1952 (Human en Rousseau, Kaapstad, 1962).

N P van Wyk Louw, *Berigte te velde*, Opstelle oor die Idee van 'n Afrikaanse Nasionale Letterkunde (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, Tweede druk, 1959).

Pierre Macherey, *A Theory of Literary Production* (Routledge and Kegan Paul, London, Henley en Boston, 1978).

Nelson Mandela, *No easy walk to freedom*. Articles, speeches and trial addresses of Nelson R Mandela. Geredigeer deur Ruth First (Heinemann, London, 1965).

Eugène N Marais, *Versamelde Gedigte* (J L van Schaik, Pretoria, 1941).

Shula Marks en Stanley Trapido, *The Politics of Race*, *Class and Nationalism in twentieth century South Africa* (Longman Harlow, New York, 1987).

Karl Marx, *Selected Writings*, edited by David McLellan (Oxford University Press, Oxford, 1984).

John Miles, *Blaaskans*, (Taurus, Emmarentia, 1983).

J Hillis Miller, *Deconstruction and Criticism*, Harold Bloom, Paul de Man, Jacques Derrida, Geoffrey H Hartman (Continuum, New York, 1979).

Es'kia Mphahlele, 'Fireflames: Mtshali's strident voice of self-assertion'. *Soweto Poetry*. Red Michael Chapman (McGraw-Hill, Johannesburg, 1982).

J K Ngubane, '40 Years of Black writing', in *Umhlaba Wethu*, red. Mothobi Mutloatse (Skotaville, Johannesburg, 1987).

P J Nienaber, D P Goosen, T H le Roux, F C L Bosman, J Victor (red.), *Gedenkboek*, *Generaal J B M Hertzog* (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap & Kuns, A P B Johannesburg, 1965).

Gerrit Olivier (red), *Praat met die ANC* (Taurus, Emmarentia, 1985).

Dan O'Meara, *Volkskapitalisme*, Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948 (Ravan, Johannesburg, 1983).

Sol T Plaatje, *Native Life in South Africa* (Ravan, Johannesburg, 1982).

Deborah Posel, 'Social Dynamics' in *A journal of the centre for African Studies*, University of Cape Town, Vol. 0, 1983.

John S Saul en Stephen Gelb, 'The crisis in South Africa: Class Defense, Class Revolution', *Monthly Review Press* (New York en London, Vol 33, 3 Julie-Augustus, 1981).

Karel Schoeman, *Diehemeltuin* (Human en Rousseau, Kaapstad, 1979).

Kelwyn Sole, 'Class Continuity and Change' in *Black South African Literature* 1948-1960, red. B Bozzoli (Ravan, Johannesburg, 1979).

Alexander Strachan, *Rapport*, 21 Julie, 1985.

Alexander Strachan, *'n Wêreld sonder grense* (Tafelberg, Kaapstad, 1984).

Mark Swilling, 'Living in the interregnum: crisis, reform and the socialist alternative in South Africa' in 'After Apartheid', *Third World Quarterly*, Vol. 9,2 April 1987.

Barend J Toerien, *Aanvange*, Verskeuse 1938-1962 (Tafelberg, Kaapstad, 1983).

Etienne van Heerden, *Om te awol* (Tafelberg, 1984).

Hein Willemse, 'Ter wille van oorlewing', *Stet*, Junie 1985.

Ongepubliseerde verhandelings

Phillip John, *Ideologiese patrone in die roman 'Uitdraai' van Wilma Stockenström* (M.A., Universiteit van die Witwatersrand, 1988).

Victor Munnik, *Confined to Base; a psycho-political reading of ''n Wêreld sonder grense*' (Hons., Universiteit van die Witwatersrand, 1987).